# DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

## FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

# JAARBOEK

## SKOOL VIR GENEESKUNDE
## EERSTE GRADE EN DIPLOMAS

# 2010



**WAARNEMENDE DEKAAN: PROF GJ VAN ZYL**
**FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE**
**KAMER D204**
**TELEFOONNOMMER: (051) 405 3056**

# INHOUD

Kontakpersone ........................................ 1
Akademiese personeel ........................................ 2
Woordomskrywings ........................................ 5
Graadprogramme ........................................ 9
Algemene oriëntering ........................................ 10
Regulasies ........................................ 11

- M.B., Ch.B. (Program vir Professionele Geneeskunde) (8370) ........................................ 11
- Assesseringsregulasies vir 8370 ........................................ 16
- M.B., Ch.B. (Program vir Professionele Geneeskunde) (8371) ........................................ 22
- Assesseringsregulasies vir 8371 ........................................ 29
- B.Med.Sc. (Stralingswetenskappe) ........................................ 37

Leerontwikkelingsprogram ........................................ 41

***Behou hierdie jaarboek vir die res van u studietydperk aangesien dit van toepassing sal wees totdat u u studies voltooi het.***

# KONTAKPERSONE

Indien u navrae oor enige van die voorgraadse programme in die Skool vir Geneeskunde het, kan u een van die volgende persone kontak:

**NAVRAE OOR:** **Aansoekvorms**
**Keuringsvorms**

Skakelbeampte
UV Bemarking
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 2319
BLOEMFONTEIN
9300

Telefoon: (051) 401 3000
Faks: (051) 447 5211
E-pos: info.stg@ufs.ac.za

**NAVRAE OOR:** **Toelatingsvereistes**
**Registrasie**
**Algemeen**
**Keuring**

Fakulteitsbeampte
Interne posbus G40
Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
BLOEMFONTEIN
9300

Tel: (051) 401 3824
Faks: (051) 401 3226
E-pos: info.md@ufs.ac.za

**NAVRAE OOR:** **Kurrikulum**

Programdirekteur
Interne posbus G16
Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
BLOEMFONTEIN
9300

Tel: (051) 401 2773
Faks: (051) 401 2939
E-pos: nelppc.md@ufs.ac.za

**Let wel:** **Meld asseblief u studentenommer op alle korrespondensie aan die Universiteit.**

*HOOFDE VAN DEPARTEMENTE / PROGRAMME WORD MET 'N * AANGEDUI*

**DEKAANSAFDELING**

WAARNEMENDE DEKAAN
Prof GJ van Zyl

VISEDEKAAN:
Vakant

AFDELING GESONDHEIDSWETENSKAPPE-ONDERWYS
*Prof MM Nel, dr AA Beylefeld, dr J Bezuidenhout, mev MP Jama

**SKOOL VIR GENEESKUNDE**

HOOF: Prof GJ van Zyl

AFDELING GENEESKUNDE PROGRAMBESTUUR EN VOORTGESETTE PROFESSIONELE ONTWIKKELING
*Prof PPC Nel, mnr AP Hugo, me C de Waal, mnr A Macdonald

ANATOMIESE PATOLOGIE
*(Vakant), Prof BD Middlecote, prof CA Beukes, dr C Esterhuysen, dr J van der Merwe, dr J Goedhals, dr VA Yasbek, mev MN Schemel

ANESTESIOLOGIE
*Prof BJS Diedericks, prof CL Odendaal, prof G Lamacraft, dr A Kuhn, dr WP König, dr AA Jacobs, dr M Reyneke, dr MG Senekal, dr EW Turton

BASIESE MEDIESE WETENSKAPPE
*Dr S van Zyl, prof A Crous, dr HC de Villiers, dr AM Gerber, Dr HJ Geyer, dr CO Larson, dr A Mostert, dr D Raubenheimer, dr S Smith, dr LJ van der Merwe, dr C Vorster, dr JH Potgieter, dr EH Botha, me Y Benadé, me JC Correia, mev A Nel, mnr JL Steyl, me PC Vorster, mnr GJ van Zyl, mnr M Muller, mnr R Botes, me H Coghlan

BIOSTATISTIEK
*Prof G Joubert, dr JE Raubenheimer, me M Nel, mnr FC van Rooyen

CHEMIESE PATOLOGIE
*Prof JM Kuyl (waarnemend), dr AJ Groenewald, dr E Coetzee, dr D Schullenburg-Brand

CHIRURGIE
*Prof RS du Toit, prof R Barry, prof EJ Theron, dr RG Botha, dr PJ de Bruyn, dr CE Esterhuizen, dr SM le Grange, dr CA Loubser, dr E Mafana, dr AMH Pretorius, dr SJA Smit, dr CG Troskie, dr J Vermaak

DERMATOLOGIE
*Prof W Sinclair, dr BB Adamjee

DIAGNOSTIESE RADIOLOGIE
*Prof CS de Vries, dr M Africa, dr SH Botha, dr FA Gebremariam, dr J Janse van Rensburg, dr E Loggenberg, dr SF Otto, dr HF Potgieter, Mev C Meyer

FARMAKOLOGIE
*Prof A Walubo, dr PM van Zyl, dr JB du Plessis, dr CM Smith, dr PJ van der Merwe, dr MFPC van Jaarsveld, me R van Wyk, mev Z Bekker

GEMEENSKAPSGESONDHEID
*Prof WH Kruger, dr TM Chandran, dr BD de Klerk, mev LE Nophale

GENEESKUNDIGE FISIKA
*Prof A van Aswegen, prof CP Herbst, prof CA Willemse, prof H du Raan, prof MG Lötter, dr FCP du Plessis, dr WID Rae, mnr W Shaw, mnr JA van Staden, me FHJ O' Reilly, me SNN Acho, mnr WLR Rabe

GEREGTELIKE GENEESKUNDE
*Prof JBC Botha, dr RG Book, dr HB Burba, dr L Fouché, dr K Stark

HEMATOLOGIE EN SELBIOLOGIE
*Dr M Coetzee (waarnemend), prof PN Badenhorst, prof SM Meiring, prof CD Viljoen, dr A de Kock, dr D Jafta, dr L Pretorius, dr TJ Nel, dr CE Roets, dr MJ Webb, mnr JR Roodt

HUISARTSKUNDE
*Dr WJ Steinberg (waarnemend), dr C Boltman, dr H Dippenaar, dr TE Kellerman, dr JM Myburg, dr WJ Rabie, dr JP van Rooyen, dr NT Poswa, dr N Mofolo

INTERNE GENEESKUNDE
*Prof WF Mollentze, prof H de K Grundling, prof BW Jansen van Rensburg, prof VJ Louw, prof JH van Zyl, dr R Flooks, dr WF Grant, dr BJ Janse van Rensburg, dr R Kachovska, dr JMM Koning, dr PF Macdonald, dr JM Nel, dr WSJ Otto, dr M Prins, dr GJ Rossouw, dr D Steyn, dr Nhiwatiwa, dr W de Lange, dr C Nel, dr OC Buchel

KARDIOLOGIE
*Prof JD Marx, prof H du T Theron, dr AJ Barnard, dr MG Milela, dr JP Theron

KARDIOTORAKSCHIRURGIE
*Prof FE Smit, prof T Linegar, dr MA Long, dr L Botes, mnr JJ van den Heever

KERNGENEESKUNDE
*Prof AC Otto, dr MG Nel

KRITIEKE SORG
*Dr MGL Spruyt, dr W Hebler, dr CJ Jordaan

MEDIESE MIKROBIOLOGIE/VIROLOGIE
*Dr L Badenhorst (waarnemend), prof FJ Burt, prof AM Pretorius, dr D Goedhals, dr E Elliott, me A van der Spoel van Dijk, mnr PM Makhoahle

NEUROCHIRURGIE
*Dr D Hugo (waarnemend)

NEUROLOGIE
*Prof AJ Kruger, dr E Janse van Rensburg, dr L Smit
*Afdeling Mensgenetika*
*prof M Theron, dr BD Henderson, dr NC van der Merwe, me C Schultz

OBSTETRIE EN GINEKOLOGIE
*Prof HS Cronjé, prof BF Cooreman, prof PH Wessels, dr SSF Brand, dr JBF Cilliers, dr EW Henn, dr JD Nortjé, dr MS Pretorius, dr L Smith, dr MA du Toit, dr JDP Strydom, dr J Markram

OFTALMOLOGIE
*Prof AA Stulting, dr MJ Labuschagne, dr WJ Marais

ONKOTERAPIE
*Dr AC Bester (waarnemend), dr MC Botha, dr MP Kahl, dr A Sheriff, dr M Kruger, dr MJ Strydom, dr R du Plessis, me AS Zerwick, mev SC Rossouw

ORTOPEDIE
*Prof JA Shipley, dr FP du Plessis, dr PB Erasmus, dr CJ Joubert, dr DH Odendaal, dr JPJ Smit, dr R Steyn, dr JF van der Merwe, dr EM Visser, dr PA van Aardt, dr N Muhammed, dr DFdP Louw, dr FNP Weyers

OTORINOLARINGOLOGIE
*Prof AJ Claassen, prof L de K Louw, dr T Erasmus, dr RY Seedat, dr I Butler

PEDIATRIE EN KINDERGESONDHEID
*Prof A Venter, prof SC Brown, prof BB Hoek, prof DK Stones, dr AD Bruwer, dr DG Buys, dr JC Cronje, dr JP du Plessis, dr DJ Griessel, dr U Hallbauer, dr BD Henderson, dr AE Kappos, dr WF Karshagen, dr L Keet, dr J Kriel, dr K Rautenbach, dr A Nel, dr L Solomon, dr A van der Byl, dr AE van der Vyver, dr NE Tabane, dr M Saleem, dr JP Jooste, dr M Nhlapo

PLASTIESE EN REKONSTRUKTIEWE CHIRURGIE
*Prof JF Jooste

PSIGIATRIE
*Prof PJ Pretorius, prof FJW Calitz, dr M du Toit, dr TE Kathunzi, dr W Meintjes, dr H Mngomezulu, dr G Moroe, dr RJ Nichol, dr LM van der Merwe, dr S Maduna, dr HSC Pieterse-Kruger

UROLOGIE
*Prof SW Wentzel, dr FM Claassen, dr MH Motingoe, dr MA van Tonder

VAARDIGHEIDSEENHEID
*Dr L de Bruyn, dr JF Lombaard

# WOORDOMSKRYWINGS

*Om meer duidelikheid en 'n eenvormige interpretasie te verseker, word die betekenis van die onderstaande woorde, wat in die Algemene Regulasies gebruik word, hieronder omskryf:*

***Assessering***
Dit is die proses waardeur die bekwaamheidsvlak van studente bepaal word en behoort uitgevoer te word deur middel van ‘n verskeidenheid van assesseringsmetodes oor ‘n tydperk en in ‘n verskeidenheid verbande.

***Assesseringsyfer***
Die punt wat 'n student tydens die assessering gesamentlik in ‘n betrokke vraestel of vraestelle van ‘n module behaal.

***Assesseringtydperk***
Die tydperk aan die einde van elke semester, soos aangedui in die Universiteitskalender, waarin assesserings gedoen word.

***Assessor***
Die dosent in die betrokke module wat verantwoordelik is vir die opstel van vrae en die nasien van skrifte, of wat mondelinge assesserigs en/of praktiese assesserings beoordeel.

***Bykomende modules***
Bykomende modules is dié wat geneem word addisioneel tot die minimum wat vereis word vir die betrokke kwalifikasie.

***Deurlopende assessering***
Deurlopende assessering maak deel uit van die assessering van 'n module op 'n deurlopende basis deur middel van ‘n verskeidenheid assesseringsmetodes.

***Dissipline***
‘n Gespesialiseerde en afgebakende studieveld.

***Eindassessering***
Eindassessering is summatief van aard en daarop gerig om te bepaal of die student die vereiste vlak van bekwaamheid soos deur die leeruitkomste gestel, bereik het. Eindassessering het die integrering van die onderskeie komponente van die betrokke module ten doel.

***Eksterne assessering***
Met eksterne assessering word eksterne eksaminering en/of eksterne moderering en/of eksterne standaardbeoordeling bedoel en moet minstens elke 5 jaar geskied.

***Eksterne assessor***
'n Persoon wat nie op die permanente diensstaat van die Universiteit is nie en die assesseringskrifte nasien of mondelinge assesserings en/of praktiese assesserings beoordeel. (In die geval van hernasien van assesseringskrifte tree hierdie persoon as arbiter op.)

***Eksterne moderator***
'n Persoon wat nie op die permanente diensstaat van die Universiteit is nie en wat toesien

dat die assessering volgens die gespesifiseerde leeruitkomste op die verlangde vlak van bekwaamheid is.

***Finale syfer***
Die berekende syfer van die modulesyfer en assesseringsyfer, afgerond tot ‘n persentasieheelgetal.

***Gedruipte module***
'n Gedruipte module is 'n module wat die student gedruip het.

***Geleentheidstudent***
'n Student wat aan die toelatingsvereistes van die Universiteit voldoen en wat vir modules inskryf het wat deel vorm van goedgekeurde kwalifikasies, maar wat nie vir die volle kwalifikasie registreer nie.

***Gesamentlike syfer***
Die rekenkundige gemiddelde, afgerond tot 'n persentasieheelgetal, van die semester-/ module-/ jaar- en assesseringsyfer.

***Gesertifiseerde/ Gediplomeerde/ Gegradueerde***
‘n Student wat aan die minimum vereistes van die betrokke kwalifikasie voldoen en waarin die student, na assessering, die vereiste vlak van bekwaamheid bereik het.

***Halfjaarsyfer***
Die rekenkundige gemiddelde, afgerond tot 'n persentasieheelgetal, van 'n student se skriftelike, mondelinge en/of praktiese werk gedurende die semester in 'n bepaalde module en bereken op 'n wyse soos deur die betrokke fakulteit voorgeskryf.

***Hoofmodules***
Modules wat 'n student op die hoogste vlak in 'n spesifieke kurrikulum geslaag het of modules wat deur die betrokke fakulteitsregulasie as hoofmodule aangedui word.

***Interne moderator***
'n Persoon wat op die permanente diensstaat van die Universiteit is en wat toesien dat assessering volgens die gespesifiseerde leeruitkomstes op die verlangde vlak van bekwaamheid is.

***Jaarsyfer***
Die rekenkundige gemiddelde, afgerond tot ‘n persentasieheelgetal, van 'n student se skriftelike, mondelinge en/of praktiese werk gedurende die jaar in 'n bepaalde module en bereken op 'n wyse soos deur die betrokke fakulteit voorgeskryf.

***Kurrikulum***
‘n Kurrikulum bestaan uit die samehangende modules uit verskillende dissiplines, wat oor die gespesifiseerde tydperk waarin studente die gestelde leeruitkomstes moet bereik, deel van die leerprogram vorm.

***Kwalifikasie***
In ‘n uitkomsgebaseerde benadering verwys ‘n kwalifikasie na die sertifisering van bereikte leeruitkomstes van ‘n leerprogram, uitgedruk as akkumulering van krediete op spesifieke vlakke. ‘n Kwalifikasie verteenwoordig die gedemonstreerde prestasie van ‘n student in

beplande en doelgerigte kombinasie van leeruitkomstes, wat daarop gerig is om studente met toegepaste bevoegdheid en ‘n basis vir verdere leer toe te rus.

***Leerprogram***
‘n Leerprogram is die struktuur waarbinne die kumulatiewe leer wat ‘n student suksesvol moet deurloop om die uittreevlakuitkomstes van ‘n kwalifikasie te bemeester, aangedui word. Dié struktuur bestaan uit ‘n samehangende kombinasie van modules/leereenhede, uitgedruk in uitkomsgebaseerde formaat en wat ‘n akademiese en/of professionele/beroepsgerigte fokus het. Studente mag op verskillende punte of vlakke tot die leerprogram toetree en ook op betekenisvolle punte of vlakke uittree.

***Leeruitkoms***
‘n Leeruitkoms is die kontekstueel gedemonstreerde eindproduk van die leerproses. ‘n Uittreevlakuitkoms is die leeruitkoms wat deur die kwalifiserende student bereik moet word in die stadium wanneer daar uit die leerprogram, wat tot die betrokke kwalifikasie lei, uitgetree word. ‘n Spesifieke leeruitkoms is kontekstueel gedemonstreerde kennis, vaardighede en waardes wat een of meer kritiese uitkomstes ondersteun en ‘n verbesondering van die uittreevlakuitkomstes is.

***Module***
‘n Module is ‘n samehangende, selfstandige leereenheid wat ontwerp is om ‘n stel spesifieke leeruitkomstes te bereik. In ‘n modulêre kwalifikasiestruktuur het ‘n module ‘n standaardgrootte en aangewese gewigstoekenning en vlak in die leerprogram. ‘n Module kan ‘n fundamentele, kern- en elektiewe funksie in ‘n leerprogram vervul.

***Modulesyfer***
Die berekende syfer afgerond tot ‘n persentasieheelgetal van ‘n student se skriftelike, mondelinge en/of praktiese werk in ‘n bepaalde module en bereken op ‘n wyse soos vervat in die modulehandleiding.

***Program***
‘n Program is die oorkoepelende fokus van die verskillende leerprogramme waaruit die program saamgestel is. ‘n Program is die akademiese verbesondering van een of meer strategiese fokusse van die Universiteit van die Vrystaat (UV).

***Promoveringsmodule***
'n Promoveringsmodule word oor 'n tydperk van een jaar aangebied, waarna studente 'n eindassessering aflê. 'n Student moet aan bepaalde promoveringsvereistes voldoen om, benewens ander slaagvereistes, na die volgende studiejaar bevorder te word.

***Registrasie***
‘n Jaarlikse kontraktuele verbintenis tussen die Universiteit en die student ooreenkomstig die voorgeskrewe prosedures.

***Semestergids***
'n Gids wat per module sekere reëlings oor modules tref. Die datums in die gids mag verander volgens wysigings van die Uitvoerende Bestuur, UV-kalender, Fakulteit en/of die Bestuur van die Skool vir Geneeskunde.

***Semesterstelsel***
Dit impliseer dat die akademiese jaar in twee onafhanklike semesters verdeel word, en dat assessering aan die einde van elke semester afgelê word.

***Semestersyfer***
Die rekenkundige gemiddelde, afgerond tot 'n persentasieheelgetal, van 'n student se skriftelike, mondelinge en/of praktiese werk gedurende die semester in 'n bepaalde module en bereken op 'n wyse soos deur die betrokke fakulteit voorgeskryf.

***Sillabus***
'n Indeling van die leerstof van 'n spesifieke module sodat dit metodies oor die semesters/jare verdeel is.

***Skripsie***
'n Wetenskaplike geskrif deur 'n student van mindere omvang as 'n proefskrif of verhandeling.

***Statuut***
Die statuut van die Universiteit van die Vrystaat soos gewysig en uitgevaardig kragtens artikel 32 van die Wet op Hoër Onderwys, 1997 (Wet nr 101 van 1997 soos gewysig) en ingevolge die bepalings van artikel 33 van genoemde Wet met die goedkeuring van die Minister van Onderwys afgekondig is.

***Toelatingsyfer***
Die jaar-, semester- of modulesyfer wat as toelatingsvereiste tot die eindassessering in die module geld.

***Veronderstelde leeruur***
Veronderstelde leerure impliseer die ingeligte beraming van die gemiddelde leertyd wat ‘n gemiddelde student spandeer om die verwagte leeruitkoms(-tes) te bereik. Sodanige leertyd sluit kontaktyd, praktiese werk, selfstandige en begeleide studie, en assesseringstyd in. Een krediet is ekwivalent aan tien veronderstelde leerure.

***Voortsettingsmodule***
Die betrokke voortsettingsmodule dien as voorbereidende studie vir die daaropvolgende studiejaar. Die finale punt behaal in 'n voortsettingsmodule word oorgedra na die daaropvolgende studiejaar. Geen slaagvereistes word ten opsigte van 'n voortsettingsmodule gestel nie.

***Vraestel***
‘n Vorm van assessering bestaande uit 'n stel vrae, mondeling en/of skriftelik, oor 'n module(s) of gedeeltes daarvan wat tydens die assesseringsgeleentheid gestel word.

# GRAADPROGRAMME

Benewens grade en diplomas wat die Universiteit in die toekoms mag instel, kan die volgende graadprogramme in die Skool vir Geneeskunde verwerf word:

| Graad | Afkorting van graad | Minimum tydsduur | Kode |
|---|---|---|---|
| Baccalaureus in Geneeskunde en Baccalaureus in Chirurgie (Program vir Professionele Geneeskunde) (ou kurrikulum) | M.B.,Ch.B | 5 jr | 8370 |
| Baccalaureus in Geneeskunde en Baccalaureus in Chirurgie (Program vir Professionele Geneeskunde) (nuwe kurrikulum vir eerstejaars vanaf 2007) | M.B.,Ch.B | 5 jr | 8371 |
| Baccalaureus in Mediese Wetenskappe (Stralingswetenskappe) | B.Med.Sc. (Stralingswetenskappe) | 3 jr | 8302 |

# ALGEMENE ORIëNTERING

Hoewel die inligting in die Jaarboek so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat geen verantwoordelikheid vir onjuisheid wat hierin mag voorkom nie.

Die Algemene Regulasies van die Universiteit is, soos waar nodig aangepas, van toepassing op hierdie Fakulteit.

Die verantwoordelikheid om op hoogte van die Algemene/Fakulteitsregulasies te wees berus geheel en al by die student. 'n Aantal regulasies geld viir al die verskillende grade en opsies.

Daar is drie stelle regulasies wat betrekking het:

**A.** ***Algemene Regulasies*** van die Universiteit, wat op alle fakulteite van toepassing is en gevolglik ook op die kwalifikasies en programme van hierdie Skool. Tensy anders gespesifiseer, is die algemene regulasies ten opsigte van Baccalaureusgrade dus van toepassing op die grade wat hier uiteengesit word.

Die Algemene Regulasies is in Deel I van die Universiteit se Jaarboek by die UV-SASOL-biblioteek beskikbaar en handel met belangrike kwessies soos die volgende:

- Toelating tot die Universiteit, tot graad- en diplomastudie, en tot geleentheidstudie (losstaande modules).
- Registrasie as student, modulewysigings, gelyktydige registrasie, modulesamestelling, duur van studie, voorvereistes, erkenning van modules aan 'n ander instelling geslaag, ens.
- Grade met lof, hertoelating en stuiting van studente, herassessering, spesiale assessering, eksamenlokaalvoorskrifte, verkeerd lees van eksamenrooster, uitslae en puntestate, ens.

Die assesserings- en ander regulasies wat op u van toepassing is, word opsommend in die onderstaande regulasies genoem.

**B.** ***Fakulteitsregulasies***, wat spesifiek vir die grade en programme van hierdie Skool geld, is in hierdie publikasie uiteengesit.

**C.** ***Regulasies ten opsigte van die professie*** *(waar nodig in die onderstaande teks vervat).*

***Die regulasies ten opsigte van die voorgraadse kwalifikasies en studieprogramme in die Skool vir Geneeskunde word hieronder verder uiteengesit.***

***Die slaagvereistes vir modules, kliniese inwonings, geïntegreerde assesserings, spesiale studiemoduleverhandelings, die elektiefverslag en die verslag oor gemeenskapswerk word in die moduledokumente van Fase I, Fase II en Fase III uiteengesit.***

## PROGRAM VIR PROFESSIONELE GENEESKUNDE: MEDICINAE BACCALAUREUS EN CHIRURGIAE BACCALAUREUS

**M.B.,Ch.B. (Program vir Professionele Geneeskunde) Studiekode: 8370**

### Reg. M1 REGULASIES VIR DIE PROGRAM VIR PROFESSIONELE GENEESKUNDE MEDICINAE BACCALAUREUS EN CHIRURGIAE BACCALAUREUS

**Hierdie program is slegs geldig vir studente wat voor 2007 daarvoor geregistreer het. Vir eerstejaarstudente wat vanaf 2007 registreer, geld die program 8371.**

### Reg. M1.1 REGISTRASIE AS STUDENT

Die registrasieprogram sal skriftelik aan die studente bekend gemaak word. Studente moet jaarliks registreer.

Daar word van ‘n student verwag om alle voorgeskrewe betalings te doen reeds voordat hy/sy vir registrasie aanmeld. Betaling kan by enige poskantoor of tak van ABSA-bank in die land geskied. Die Universiteit se rekeningnommer wat hiervoor vermeld word is: 1570 151688, Takkode 630-734 – ABSA-bank (New Student Centre-tak). Meld 100 + u studentnommer as verwysing. **Vanaf 2009 sal slegs vierde- en vyfdejaar- M.B.,Ch.B.-studente geregistreer word vir die studiekode 8370.**

### Reg. M1.2 DUUR VAN PROGRAM

Die minimum tydsduur om die M.B.,Ch.B.-graad te verwerf is vyf jaar voltydse studie.

### Reg. M1.3 REGISTRASIE AS STUDENT IN DIE GENEESKUNDE BY DIE GESONDHEIDSBEROEPERAAD VAN SUID-AFRIKA

Elke student in die Geneeskunde is verplig om by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika (GBRSA) as student in die Geneeskunde te registreer. Studente sal deur die Universiteit verwittig word wanneer sodanige registrasie moet geskied.

*Opmerking:* Die volledige stel reëls en regulasies rakende registrasie as student in die Geneeskunde by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika is ter insae by die kantoor van die Direkteur: Fakulteitsadministasie beskikbaar.

### Reg. M1.4 DIE PROGRAM

Die program is in drie fases verdeel. Fase I word gedurende die eerste studiejaar aangebied, Fase II in jare twee en drie, en Fase III in die vierde en vyfde studiejare. In Fases I en II is die inhoudelike in tematiese of sisteemgebaseerde modules georden. Fase III word aan Kliniese Geneeskunde gewy.

## DIAGRAMMATIESE VOORSTELLING VAN DIE STRUKTUUR VAN DIE PROGRAM 8370

| FASE I | | FASE II | | | | | FASE III | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Jaar 1 (128K) | | Jaar 2 (144K) | | | Jaar 3 (184K) | | Jaar 4 (200K) | Jaar 5 (200K) | |
| Sem 1 | Sem 2 | Sem 3 | | Sem 4 | Sem 5 | Sem 6 | Sem 7 & 8 | Sem 9 & 10 | |
| Gesondheid-<br>psigologie<br>MEB113<br>**12K** | Gesondheids-<br>beleid en<br>dienslewering<br>MEG123<br>**12K** | Beginsels van<br>terapie en<br>beelding<br>MFN214<br>**16K** | Spesiale studiemodule** GSM211 (**4K**) en GSM221 (**4K**) (2 w) | Urinêre stelsel<br>GUS224<br>**16K** | Gastrointestinale<br>stelsel<br>MEU314<br>**16K** | Menslike<br>diversiteit<br>MEZ324<br>**16K** | Interne Geneeskunde<br>[Kardiologie/Neurologie]<br>INM419/429 9w<br>**52K**<br><br>Chirurgie<br>[Otorinolaringologie/<br>Oftalmologie]<br>CHM419/429 9w<br>**48K**<br><br>Pediatrie PEM418/428<br>6w<br>**32K**<br><br>Obstetrie & Ginekologie<br>GOB418/428 6w<br>**32K**<br><br>Psigiatrie [Onkologie]<br>OSM418/428 6w<br>**36K** | Verpligte inwoning by 'n goedgekeurde algemene praktisyn<br>2 w **8K** (elektief) | Interne Geneeskunde<br>INM519/529 9w<br>**44K**<br><br>Chirurgie<br>CHM519/529 9w<br>**56K**<br><br>Kindergsondheid &<br>Psigiatrie<br>PEM517/527 6w<br>**28K**<br><br>Ginekologie & Urologie<br>GOB517/527 6w<br>**28K**<br><br>Huisartskunde &<br>Anestesiologie<br>HAN518/528 6w<br>**32K**<br><br>**EKSAMENMODULES**<br><br>INM592 **8K**<br>CHM592 **8K**<br>PEM591 **4K**<br>GOB591 **4K**<br>OSM591 **4K** |
| Die dokter en die<br>omgewing<br>MEC113<br>**12K** | Epidemiologie<br>en biostatistiek<br>MEH123<br>**12K** | Muskulo-<br>skeletale<br>stelsel<br>MEO214<br>**16K** | | Immunologie<br>en hematologie<br>MEQ224<br>**16K** | Gesondheid en<br>siekte in<br>bevolkings<br>MEX314<br>**16K** | Menslike<br>lewensiklus<br>MAE324<br>**16K** | | | |
| Konsepte van<br>gesondheid en<br>siekte<br>MED113<br>**12K** | Molekules van<br>die liggaam<br>MEI123<br>**12K** | | | Kardiovaskulêre<br>stelsel<br>MIS224<br>**16K** | Respiratoriese<br>stelsel<br>MFW314<br>**16K** | Etiese en<br>regsaspekte van<br>geneeskunde<br>MDD324<br>**16K** | | | |
| Weefsels van die<br>liggaam<br>MEE113<br>**12K** | Ontwikkeling<br>van die<br>liggaam<br>MEJ123<br>**12K** | Metabolisme<br>GMB214<br>**16K** | | Infeksies<br>MJR224<br>**16K** | Genitale<br>stelsels<br>MEY314<br>**16K** | Reproduksie<br>GRE324<br>**16K** | | | |
| Struktuur van die<br>liggaam<br>MEF113<br>**12K** | Elektriese<br>sisteme van<br>die liggaam<br>MFK123<br>**12K** | Membrane en<br>reseptore<br>GMR214<br>**16K** | | Meganismes<br>van siekte<br>MFP224<br>**16K** | Eksokriene en<br>endokriene<br>kliere<br>GEE314<br>**16K** | Senuwee-<br>stelsel<br>MGB324<br>**16K** | | | |
| Algemene<br>vaardighede<br>MEA112 *<br>**8K** | | | | | | | | | |
| Vlak 8a<br>**TOTALE Krediete: 856**<br>Leerure: 8560 | | Kliniese Vaardigheidsmodule<br>Begin as GKV211(**4K**), GKV221(**4K**), voortsetting einde 2de jaar en geëvalueer as GKV311 (**4K**), GKV321(**4K**)<br>aan einde van studiejaar 3. | | | | | | 2 weke | |

* MEA112 word geïntegreer in Fase I se modules (semester 1)

** Begin as GSM211 in Semester 3 en assessering van projek vind plaas in Semester 5 as GSM312 (**8K)**

K = Krediete

w = weke

In semester 7-10 word akademiese middae geskeduleer (diverse elektiewe temas) (24 krediete per jaar)

**Reg. M1.5 KLASBYWONING**

Bywoning van al die kontakperiodes in al drie fases is verpligtend. Studente wat minder as 80% van die kontakperiodes van 'n module of kliniese inwoning bygewoon het, sal nie toegelaat word om aan die assessering aan die einde van die module of inwoning deel te neem nie, en sal beskou word asof hulle die module of inwoning gedruip het, en nie vir herassessering in aanmerking kom nie. In uitsonderlike gevalle mag die Dekaan of Hoof van die Skool toestemming vir afwesigheid verleen, op voorwaarde dat studente voor die tyd met die Dekaan/Hoof van die Skool reëlings vir afwesigheid moet tref.

**ASSESSERINGREGULASIES**

Kyk Reg. M2.

**Reg. M1.6 SLAAGVEREISTES**

Lees saam met Reg. M2.5.

**Reg. M1.6.1 Eerste studiejaar**

'n Student moet al die modules in die eerste studiejaar slaag om na die tweede studiejaar bevorder te word.

**Reg. M1.6.2 Tweede studiejaar**

'n Student moet al die modules slaag om na die derde studiejaar bevorder te word.

**Reg. M1.6.3 Derde studiejaar**

Om na die vierde studiejaar bevorder te word moet 'n student:

(a) Al die modules van die derde jaar slaag.
(b) Die assessering in Kliniese Vaardighede in November slaag.
(c) Voor die einde van September 'n bevredigende Spesiale Studiemoduleverhandeling indien.
(d) Voor die einde van April 'n bevredigende verslag oor die gemeenskapwerkrotasie indien.

**Reg. M1.6.4 Vierde studiejaar**

(a) 'n Student moet al die blokassesserings en kliniese inwonings slaag om na die vyfde studiejaar bevorder te word.
(b) Aan die einde van die vierde jaar, voor die aanvang van die vyfde studiejaar, moet ‘n twee weke elektiewe inwoningsperiode by ‘n algemene praktisyn plaasvind.
(c) ‘n Bevredigende elektiefverslag moet voor die einde van April van die vyfde studiejaar ingehandig word. Die punte daarvan word ingereken by dié van die Huisartskundemodule.
(d) In al die modules van Fase III moet beide die teoretiese en kliniese afdelings afsonderlik geslaag word.

#### Reg. M1.6.5 Vyfde studiejaar

Om die vyfde studiejaar te slaag moet 'n student:

(a) Al die blok- en kliniese inwoningsassesserings slaag.
(b) Beide die teoretiese en kliniese asseserings in al die modules van Fase III afsonderlik slaag.
(c) Toelating tot elk van die vyf eksamenmodules is onderhewig aan:
   (i) ’n Finale slaagsyfer in CHM519/529 gee toelating tot CHM592.
   (ii) ’n Finale slaagsyfer in beide INM519/529 en HAN518/528 word vereis vir toelating tot INM592
   (iii) ’n Finale slaagsyfer in PEM517/527 gee toelating tot PEM591.
   (iv) ’n Finale slaagsyfer in GOB517/527 gee toelating tot GOB591.
   (v) ’n Finale slaagsyfer in PEM517/527 gee toelating tot OSM591.
(d) ’n Finale slaagsyfer van minstens 50% per module word vereis om te slaag.
(e) Jaarsyfers/finale slaagsyfers vir die finale eksamenmodules word as volg saamgestel:
   (i) Die finale slaagsyfer van die betrokke module in die 4de jaar plus die finale slaagsyfer van die betrokke module in die 5de jaar dra elkeen 50% by tot die jaarsyfer van die betrokke eksamenmodule.
   (ii) Hierdie jaarsyfer en die punt in die finale eksamen behaal dra elkeen 50% by tot die finale slaagpunt van elkeen van die eksamenmodules.

#### Reg. M1.6.6 Slaagvereistes vir subafdelings van die program

Die slaagvereistes vir modules, kliniese inwonings, geïntegreerde assesserings, spesiale studiemoduleverhandelings, die elektiefverslag en die verslag oor gemeenskapswerk word in die moduledokumente van Fase I, Fase II en Fase III uiteengesit.

### Reg. M1.7 HERHALING

#### Reg. M1.7.1 Herhaling van die eerste, tweede, derde en vierde studiejare

(a) Geen student mag die eerste studiejaar (Fase I) meer as een maal herhaal nie.
(b) Studente wat enige van bogenoemde jare moet herhaal, moet die jaar in totaliteit herhaal.
(c) Nie meer as twee jaar mag tussen 'n eerste en tweede poging verloop nie.
(d) Studente moet die eerste vier (4) akademiese studiejare binne 'n maksimum van ses (6) kalenderjare voltooi, m.a.w. hierdie is die maksimum periode wat toegelaat sal word vir voltooiing van die eerste vier akademiese studiejare.
(e) ‘n Student wat nie ten minste 50% van die aantal geregistreerde modules vir die betrokke jaar geslaag het nie, sal nie tot die program hertoegelaat word nie.

**Toeligting:** Verwys na regulasie M2.10 wat saamgelees moet word met regulasie M1.7.1.

#### Reg. M1.7.2 Herhaling van die vyfde studiejaar

'n Student wat die finale assessering aan die einde van die vyfde studiejaar druip, sal na ses maande weer toegelaat word om die assessering af te lê. Indien steeds onsuksesvol, sal 'n laaste geleentheid om die assessering af te lê ses maande later toegestaan word.

(a) Geen siekte-eksamen of tweede assesseringsgeleentheid is van toepassing nie.

(b) ’n Student wat een module druip en in al die ander modules bo 60% behaal mag die assessering in die gedruipte module na drie maande herhaal. So ’n student moet vir beide die betrokke dissipline se module en die betrokke eksamenmodule registreer.
(c) ’n Student wat een module druip en in 1, 2 of 3 modules onder 60% behaal kan na ses maande weer geassesseer word. So ’n student registreer vir die betrokke modules en eksamenmodules. Reg M1.8.5(e)(i) is verder op so ’n student van toepassing.
(d) ’n Student wat twee modules in die finale assessering druip en in die ander modules bo 60% behaal, kan die assessering na ses maande herhaal. So ’n student registreer vir die betrokke modules en eksamenmodules. Reg M1.8.5(e)(i) is verder op so ’n student van toepassing.
(e) ’n Student wat twee modules druip en in 1 of 2 modules onder 60% behaal kan die assessering na ses maande herhaal. So ’n student registreer vir die betrokke modules en eksamenmodules. Reg M1.8.5(e)(i) is verder op so ’n student van toepassing. Indien ’n student twee modules druip en in al die ander modules minder as 60% behaal, moet die jaar herhaal word.
(f) ’n Student wat drie of meer modules druip herhaal die hele jaar. Geen vrystelling van modules in die finale assesseringsgeleentheid word verleen nie.
(g) Indien ’n student weer na ses maande geassesseer word, en indien daar een of meer modules is waarin die student in die vorige eindassessering met minder as 60% geslaag het, moet die student weer registreer, inwoon en ’n inwoningspunt van minstens 60% behaal in al die voorheen geslaagde modules om vrygestel te word van assessering in die betrokke modules.
(h) ’n Student moet skriftelik aansoek doen om vrystelling van assessering in modules waarin ’n finale slaagsyfer van minstens 60% behaal is.
(i) Indien 'n student wat gedruip het toegelaat word om na ses maande assessering in een of meer modules af te lê en steeds onsuksesvol is, sal ’n laaste assesseringsgeleentheid ses maande later toegestaan word.

## Reg. M1.8 HERTOELATING VAN STUDENTE

Die volgende is van toepassing, ongeag die bepalings van die Algemene Regulasies:

(a) ‘n Student sal slegs toegelaat word om ‘n bepaalde studiejaar te herhaal nadat hy/sy weer gekeur is en moet skriftelik daarvoor aansoek doen sodra die finale uitslag bekend is.
(b) ‘n Maksimum van twee verdere assesseringsgeleenthede sal aan ‘n student wat die finale assessering aan die einde van die vyfde studiejaar druip toegestaan word. Indien die student na die twee genoemde geleenthede steeds nie voldoen aan die vereistes vir hulle kwalifikasies nie, sal geen verdere registrasie as student in Geneeskunde toegelaat word nie, behalwe op aanbeveling van die Dekaan en met die goedkeuring van die Senaat.
(c) ‘n Student wat ‘n jaar gedruip het moet nie later as sewe (7) dae nadat die finale uitslag bekend is, skriftelik by die Assistentdirekteur: Fakulteitsadministrasie om herkeuring vir die studiejaar aansoek doen.

## Reg. M1.9 BEVORDERING NA DIE VOLGENDE STUDIEJAAR

Om na die volgende studiejaar bevorder te word moet 'n student aan al die slaagvereistes vir die betrokke studiejaar voldoen.

### Reg. M1.10 MODULE-/SEMESTER-/JAARPUNT

Benewens die bepalings van Reg. A14 (Modulesyfer), geld al die regulasies soos uiteengesit in die moduledokumente van Fase I, Fase II en Fase III.

### Reg. M1.11 VRYSTELLING VAN MODULES REEDS GESLAAG

‘n Student wat reeds ‘n module(s) geslaag het en in die daaropvolgende jaar ‘n modulesyfer van minstens 60% in die betrokke module(s) verwerf het en ‘n 80% bywoning van die kontakperiodes en kliniese inwoning het, kan vrygestel word van die assessering in die betrokke module(s). Aansoek op die voorgeskrewe aansoekvorm, wat by die kantoor van die Assistentdirekteur: Fakulteitsadministrasie beskikbaar is, moet voor die aanvang van die assesseringsgeleentheid via die departementshoof by die Hoof van die Skool gedoen word.

## ASSESSERINGSREGULASIES

### ASSESSERINGSREGULASIES TEN OPSIGTE VAN DIE M.B.,CH.B.-PROGRAM (8370)

### Reg. M2 REGULASIES TEN OPSIGTE VAN ASSESSERING

Die asseseringsregulasies van die universiteit is, soos waar nodig aangepas, van toepassing op hierdie Skool.

### Reg. M2.1 TOELATING TOT ASSESSERINGSGELEENTHEID

(a) Bywoning van al die kontaksessies in al die modules in die Skool vir Geneeskunde is verpligtend.
(b) Studente wat minder as 80% van die kontakperiodes van ‘n module of kliniese inwoning bygewoon het, sal nie toegelaat word om aan die assessering aan die einde van die module of inwoning deel te neem nie en sal nie vir ‘n tweede geleentheid in aanmerking kom nie.
(c) Sodra ‘n afwesigheidsyfer van 20% bereik word, word ‘n student nie toegelaat om voort te gaan met klasse sonder die Dekaan of Hoof van die Skool se goedkeuring nie.
(d) ‘n Minimum modulesyfer van 40% vir alle modules word vereis vir toelating tot die assessering.

### Reg. M2.2 SAMESTELLING VAN MODULESYFERS

‘n Student se skriftelike, mondelinge en of praktiese werk wat tydens die module afgeneem is, kan bydra tot die modulesyfer. (Besonderhede van die samestelling van die modulesyfer is in die afsonderlike modulehandleidings vervat.)
(Kyk 2.4.2)

### Reg. M2.3 PROMOVERINGSTELSEL

**Geen promoveringstelsel op voorgraadse vlak bestaan vir modules wat in die Fakulteit Geneeskunde aangebied word nie.**

## Reg. M2.4 ASSESSERINGSSTELSEL

### Reg. M2.4.1 Algemene regulasies met betrekking tot programme

Daar word van studente vereis om van die eerste assesseringsgeleentheid gebruik te maak vir alle modules wat in die Skool vir Geneeskunde aangebied word. Studente kan slegs kwalifiseer om aan ‘n tweede geleentheid deel te neem indien hulle aan die eerste geleentheid deelgeneem het en daarvoor gekwalifiseer het (kyk 4.4.2).

### Reg. M2.4.2 Kwalifisering van ‘n student vir die tweede assesserings-geleentheid

(a) Indien ‘n student ‘n finale gesamentlike syfer van minstens 45% tydens die eerste assesseringsgeleentheid behaal het en ‘n subminimum van minstens 30% in die assesseringssyfer.
(b) Indien ‘n student ‘n finale gesamentlike syfer van 50% of meer tydens die eerste assesseringsgeleentheid behaal het maar nie die subminimum van 40% vir die assesseringssyfer nie.
(c) Indien ‘n student ‘n mediese sertifikaat voorlê wat as geldige rede beskou word om nie die eerste geleentheid te gebruik nie (spesiale vorm wat deur die geneesheer voltooi moet word).

    **Opmerking:** Hierdie sertifikaat moet binne 48 uur nadat die student ‘n dokter geraadpleeg het, by die Hoof van die Skool vir Geneeskunde, kamer D204, ingedien word. Vir studente wat op hierdie wyse aan die tweede geleentheid deelneem, bestaan geen verdere geleentheid nie, behalwe soos in spesiale assesseringsgeleentheid hieronder beskryf. (Slegs M.B.,Ch.B-studente)
(d) Geen tweede assesseringsgeleentheid bestaan vir studente om hul finale syfer vir modules wat in die Skool vir Geneeskunde aangebied word te verbeter nie.
(e) Vir M.B.,Ch.B.-studente sal die tweede assesseringsgeleentheid van die eerste semester gedurende die laaste week van die Junie/Julie-vakansie plaasvind. Die tweede assesseringsgeleentheid van die tweede semester sal vir M.B.,Ch.B.-studente gedurende November van dieselfde jaar geskied.

### Reg. M2.4.3 Spesiale assesseringsgeleentheid

(a) ‘n Spesiale assesseringsgeleentheid sal in November tydens die tweede assesserings-geleentheid afgeneem word.
(b) ‘n Student wat na die eerste assesseringsgeleentheid in November een ontbrekende module kort (uit eerste en tweede semester) om die jaar te slaag kan ‘n spesiale assesseringsgeleentheid toegestaan word mits die student:
    (i) Wel toelating tot die assesseringsgeleentheid gehad het (dit wil sê ‘n modulesyfer van minstens 40%).
    (ii) Minstens 30% in die ontbrekende module in die assesseringsgeleentheid behaal is.
    (iii) Al die ander modules geslaag het, of gekwalifiseer het vir ‘n tweede assesseringsgeleentheid in ander modules in November van dieselfde jaar.
(c) Waar kurrikula vereis dat ‘n student alle modules van die betrokke jaar moet slaag ten einde tot die volgende studiejaar bevorder te word sal ‘n student met slegs **een** uitstaande druipmodule (wat eerste of tweede semester mag wees) na afloop van November se eerste geleentheid tot ‘n assesseringsgeleentheid gedurende die tweede assesseringsgeleentheid in November toegelaat word, ongeag enige bepalings.
(d) ‘n Student wat na die tweede assesseringsgeleentheid in November een of meer ontbrekende modules kort om die jaar te slaag moet die jaar herhaal.

(e) Indien ‘n student nie aan die eerste of die tweede assesseringsgeleentheid deelgeneem het nie, sal sodanige student geen verdere geleentheid tot assessering gebied word nie.

### Reg. M2.4.4 Eksamenuitslae

‘n Student kan ‘n eksamenskrif met ‘n dosent en die departementshoof bespreek binne vyf (5) eksamendae nadat die voorlopige uitslae op ‘n gespesifiseerde kennisgewingbord in die Fakulteit aangebring is, met die reg op onmiddelike appèl na die Dekaan/Hoof van die Skool, met kennisgewing aan die departementshoof. (UB 31/7/2006).

Die student word versoek om ’n afspraak met die dosent/moduleleier te maak.

Die dosent/moduleleier/departementshoof gaan die eksamenskrif na vir foute en kontroleer of die punte korrek opgetel is en of al die vrae nagesien is. (Geen soektog na punte sal toegelaat word nie.)

Indien daar ‘n verandering aan die punt aangebring moet word weens optelfout of vraag wat nie nagesien is nie, sal die besonderhede skriftelik aan die Assistentdirekteur: Fakulteitsadministrasie en Hoof van die Skool vir Geneeskunde deurgestuur word.

Die wysiging van die punt, indien dit tot die student se voordeel is, kan dan aangebring word in oorleg met die Hoof van die Skool vir Geneeskunde en die Dekaan.

Indien die student steeds ontevrede is met die uitslag van die nasien van die eksamenskrif het die student die reg op onmiddellike appèl via die departementshoof na die Dekaan vir ‘n hernasien van die eksamenskrif. ‘n Skriftelike versoek in die verband moet eweneens binne dieselfde vyf (5) eksamendae by die Assistentdirekteur: Fakulteitsadministrasie, kamer D211, ingehandig word. Indien die Hoof van die Skool vir Geneeskunde/Dekaan dit goedkeur, sal die departementshoof versoek word om die hele eksamenskrif na te sien.

Die uitslag ten opsigte van die hernasien word aan die Assistentdirekteur: Fakulteitsadministrasie deurgestuur vir voorlegging aan die Dekaan/Hoof van die Skool vir Geneeskunde. Indien die uitslag van die hernasien tot voordeel van die student is, sal die gewysigde punt aan die student toegeken word, andersins word die oorspronklike punt gehandhaaf.

Indien ‘n student nadat bogemelde stappe gevolg is, steeds ontevrede is met die uitslag, het die student die reg op onmiddellike appèl tot die Akademiese Appèlkomitee van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe. ‘n Skriftelike versoek in die verband moet minstens (5) eksamendae nadat die uitslag van die hernasien bekend gemaak is by die Assistentdirekteur: Fakulteitsadministrasie ingedien word.

Koste mag aan ‘n hernasien verbonde wees.

### Reg. M2.4.5 Berekening van punte

(a) Die modulesyfer en die assesseringsyfer dra beide 50% tot die finale gesamentlike syfer by.
(b) Berekening van punte van studente wat vir ‘n tweede assesseringsgeleentheid gekwalifiseer het:

(i) Indien ‘n student weens siekte aan die tweede assesseringsgeleentheid deelneem, word die finale gesamentlike syfer bereken soos vir die eerste assesseringsgeleentheid (dit wil sê modulesyfer 50% en assesseringsyfer 50%).

(ii) Indien ‘n student vir ‘n tweede assesseringsgeleentheid en/of spesiale assesseringsgeleentheid gekwalifiseer het, sal die modulesyfer en albei assesseringsgeleenthede se syfers in berekening gebring word (dit wil sê modulesyfer $^1/_3$, eerste assesseringsgeleentheid $^1/_3$, tweede/spesiale assesseringsleentheid $^1/_3$) met dien verstande dat ‘n finale gesamentlike syfer van slegs 50% toegeken word aan studente wat slaag.

## Reg. M2.5 SLAAGVEREISTES (EERSTE TOT VIERDE STUDIEJAAR)

(a) ‘n Student moet alle modules in die betrokke studiejaar slaag om na die volgende studiejaar bevorder te word (insluitend die Vaardigheidsmodules in die eerste studiejaar).

(b) Om ‘n module te slaag moet ‘n finale gesamentlike syfer van minstens 50% behaal word.

(c) ‘n Subminimum van 40% geld vir die assesseringssyfer.

## Reg. M2.6 SLAAGVEREISTES (VYFDE STUDIEJAAR)

Om die vyfde studiejaar te slaag moet ’n student:

(a) Al die blokassesserings en kliniese inwonings slaag.

(b) Beide die teoretiese en kliniese afdelings in al die modules van Fase III afsonderlik slaag.

(c) Toelating tot elk van die vyf eksamenmodules is onderhewig aan:
   - (i) ’n Finale slaagsyfer in CHM519/529 gee toelating tot CHM592.
   - (ii) ’n Finale slaagsyfer in beide INM519/529 en HAN518/528 word vereis vir toelating tot INM592.
   - (iii) ’n Finale slaagsyfer in PEM517/527 gee toelating tot PEM591.
   - (iv) ’n Finale slaagsyfer in GOB517/527 gee toelating tot GOB591.
   - (v) ’n Finale slaagsyfer in PEM517/527 gee toelating tot OSM591.

(d) ’n Finale slaagsyfer van minstens 50% per module word vereis om te slaag.

(e) Jaarsyfers/finale slaagsyfers vir die finale eksamenmodules word as volg saamgestel:
   - (i) Die finale slaagsyfer van die betrokke dissipline se module in die 4de jaar plus die finale slaagsyfer van die betrokke dissipline se module in die 5de jaar dra elkeen 50% by tot die jaarsyfer van die betrokke eksamenmodule.
   - (ii) Hierdie jaarsyfer en die eksamenpunt in die finale eksamen behaal, dra elkeen 50% by tot die finale slaagpunt van elkeen van die eksamenmodules.

## Reg. M2.7 BEVORDERING NA VOLGENDE SEMESTER OF STUDIEJAAR

(a) ‘n Student met een uitstaande module in die eerste semester kan voortgaan met modules in die tweede semester. ‘n Student met meer as een uitstaande module van die eerste semester kan aansoek doen om voort te gaan met modules van die tweede semester slegs met spesiale toestemming van die Dekaan.
(b) Indien ‘n student homself/haarself nog moet aanbied vir ‘n tweede assesseringsgeleentheid in een van die modules en die klasse van die volgende semester reeds ‘n aanvang geneem het, sal sodanige student slegs voorwaardelik geregistreer word vir modules in die nuwe semester, tot tyd en wyl die uitslag van die module bekend is. Geen vrystelling van klasbywoning sal vir die interim periode gegee word nie.

## Reg. M2.8 VRYSTELLING VAN MODULES WAT REEDS GESLAAG IS (EERSTE TOT VIERDE STUDIEJAAR)

‘n M.B.Ch.B.-student wat reeds ‘n module(s) geslaag het en in die daaropvolgende jaar ‘n modulesyfer van minstens 60% in die betrokke module(s) verwerf het en ‘n 80% bywoning van die kontakperiodes en kliniese inwoning het, kan vrygestel word van die assessering in die betrokke module(s). Aansoek op die voorgeskrewe aansoekvorm wat by die kantoor van die Assistentdirekteur: Fakulteitsadministrasie beskikbaar is, moet voor die aanvang van die assesseringsgeleentheid via die departementshoof by die Hoof van die Skool gedoen word.

Alle studente wat die verwagte uitkomste in algemene vaardighede behaal het, maar die jaar herhaal (laasgenoemde net in die geval van die M.B.Ch.B.-studente), kan vrygestel word van bywoning en assessering van die vaardigheidsmodule. Aansoek op die voorgeskrewe aansoekvorm wat by die kantoor van die Assistentdirekteur: Fakulteitsadministrasie beskikbaar is, moet via die Moduleleier by die Hoof van die Skool gedoen word.

## Reg. M2.9 EERSTE KWALIFIKASIE MET LOF (CUM LAUDE) (NIE VAN TOEPASSING OP B.MED.SC.(STRALINGSWETENSKAPPE)-STUDENTE NIE)

(a) ‘n Kwalifikasie word met lof (cum laude) toegeken indien ‘n gemiddelde punt van minstens 75% oor die vyf modules in die finale eksamen behaal is, en minstens ‘n gemiddeld van 70% oor die res van die program behaal is.
(b) Die kwalifikasie moet binne die voorgeskrewe tydperk plus een jaar behaal word.

## Reg. M2.10 HERTOELATING VAN STUDENTE TOT DIE M.B.Ch.B.-PROGRAM (EERSTE TOT VIERDE STUDIEJAAR)

**Die volgende is van toepassing, ongeag die bepalings van die Algemene Regulasies:**

(a) ‘n Student sal slegs toegelaat word om ‘n bepaalde studiejaar te herhaal nadat hy/sy weer gekeur is en moet skriftelik daarom aansoek doen sodra die finale uitslag bekend is.
(b) Die eerste vier studiejare mag elk slegs een keer herhaal word.
(c) ‘n Student wat ‘n jaar gedruip het moet nie later as sewe (7) dae nadat die finale uitslag bekend is, skriftelik om herkeuring van die studiejaar aansoek doen by die Assistentdirekteur: Fakulteitsadministrasie.

## Reg. M2.11 HERHALING VAN DIE VYFDE STUDIEJAAR

‘n Student wat die finale assessering aan die einde van die vyfde studiejaar druip, sal na ses maande weer toegelaat word om die assessering af te lê, en indien steeds onsuksesvol sal ‘n laaste geleentheid om die assessering af te lê weer ses maande later toegestaan word.

(a) Geen siekte-eksamen of tweede assesseringsgeleentheid bestaan nie.
(b) ’n Student wat een module druip en in al die ander modules bo 60% behaal mag die assessering in die gedruipte module na drie maande herhaal. So ’n student moet vir beide die betrokke dissipline se module en die betrokke eksamenmodule registreer.
(c) ’n Student wat een module druip en in 1, 2 of 3 modules onder 60% behaal kan na ses maande weer geassesseer word. So ’n student registreer vir die betrokke modules en eksamenmodules. Punt (g) is verder op so ’n student van toepassing.
(d) ’n Student wat twee modules in die finale assessering druip en in die ander modules bo 60% behaal, kan die assessering na ses maande weer herhaal. So ’n student registreer vir die betrokke modules en eksamenmodules. Punt (g) is verder op so ’n student van toepassing.
(e) ’n Student wat twee modules druip en in 1 of 2 modules onder 60% behaal kan die assessering na ses maande herhaal. So ’n student registreer vir die betrokke modules en eksamenmodules. Punt (g) is verder op so ’n student van toepassing. Indien ’n student twee modules druip en in al die ander modules minder as 60% behaal, moet die jaar herhaal word.
(f) ’n Student wat drie of meer modules druip herhaal die hele jaar. Geen vrystelling van modules in die finale assesseringsgeleentheid word verleen nie.
(g) Indien ’n student weer na ses maande geassesseer word, en indien daar een of meer modules is waarin die student in die vorige eindassessering met minder as 60% geslaag het, moet die student ook registreer, inwoon en ’n inwoningspunt van minstens 60% behaal in al daardie voorheen geslaagde modules om vrygestel te word van die assessering in die betrokke modules.
(h) ’n Student moet skriftelik aansoek doen om vrystelling van modules waarin ’n finale slaagsyfer van minstens 60% behaal is.
(i) Indien ’n student wat gedruip het, toegelaat word om na ses maande assessering in een of meer modules af te lê en steeds onsuksesvol is, sal ’n laaste geleentheid om die assessering weer af te lê ses maande later toegestaan word.

***Die regulasies ten opsigte van die voorgraadse kwalifikasies en studieprogramme in die Skool vir Geneeskunde word hieronder verder uiteengesit.***

***Die slaagvereistes vir modules, kliniese inwonings, geïntegreerde assesserings, spesiale studiemoduleverhandelings, die elektiefverslag en die verslag oor gemeenskapswerk word in die moduledokumente van Fase I, Fase II en Fase III uiteengesit.***

**PROGRAM VIR PROFESSIONELE GENEESKUNDE: MEDICINAE BACCALAUREUS EN CHIRURGIAE BACCALAUREUS**
**M.B.,Ch.B. (Program vir Professionele Geneeskunde) Studiekode: 8371**

## Reg. M3 REGULASIES VIR DIE PROGRAM VIR PROFESSIONELE GENEESKUNDE MEDICINAE BACCALAUREUS EN CHIRURGIAE BACCALAUREUS

**Hierdie program (8371) is geldig vanaf 1 Januarie 2007**

### Reg. M3.1: TOELATINGSVEREISTES

Slegs 'n student wat oor 'n Nasionale Senior Sertifikaat beskik wat deur UMALUSI uitgereik is (of 'n gelykwaardige kwalifikasie wat deur die Universiteit goedgekeur word), sal tot die program toegelaat word.

Wat die Wetenskappunt betref, geld die volgende vir alle aansoekers: ‘n Minimum gemiddelde verpligte punt op prestasievlak 5 (60%) word vereis vir elkeen van die volgende: Wiskunde, Fisiese Wetenskappe en Lewenswetenskappe. ‘n Toelatingspunt (TP-telling) van minstens 36 word vereis.

Ten opsigte van die onderrigtaal van keuse (Afrikaans of Engels), word ‘n minimum prestasiepunt op prestasievlak 5 (60%) vereis. Senior studente se toelatingsvereistes word bepaal deur die keuringsvereistes soos gestel per kategorie en opgeneem in die keuringsbeleid.

**Toeligting:**

(a) Slegs 'n beperkte aantal studente word jaarliks tot die eerste jaar van die program toegelaat. Toelating is onderhewig aan keuring.
(b) Toelating word slegs tot die eerste jaar van die program verleen.
(c) Voornemende studente word aangeraai om Fisiese Wetenskappe en/of Lewenswetenskappe as vakke te neem in Graad 12. Wiskunde is ‘n vereiste.
(d) 'n Student wat vir die program gekeur word, moet voor toelating 'n deposito betaal wat van klasgelde aftrekbaar is.
(e) Studente ontvang opleiding by die goedgekeurde opleidingskomplekse en lewer ook gemeenskapsdiens in Bloemfontein en omgewing en ander opleidingsinstellings. Studente is verantwoordelik vir hulle eie vervoerreëlings tydens opleiding.

### Reg. M3.2 TOELATINGSVEREISTES – STUDENTE VANAF ANDER UNIVERSITEITE

'n Student wat in die program in Geneeskunde aan 'n ander universiteit gedruip het, en verdere studie in Geneeskunde aan daardie universiteit geweier is, sal ook nie tot die program in Professionele Geneeskunde aan hierdie Universiteit toegelaat word nie.

**Reg. M3.3 REGISTRASIE AS STUDENT**

Die registrasieprogram sal skriftelik aan die studente bekend gemaak word. Studente moet jaarliks registreer.

Daar word van 'n student verwag om alle voorgeskrewe betalings te doen reeds voordat hy/sy vir registrasie aanmeld.

'n Student wat semester 1 van die eerste studiejaar druip en wat oorgaan na die Leerontwikkelingsprogram, sal outomaties uit die M.B.,Ch.B.-program gederegistreer word en vir die Leerontwikkelingsprogram geregistreer word. Laasgenoemde sluit alle senior studente en studente wat reeds 'n oorbruggingsprogram deurloop het, uit. Indien die student aan die einde van semester 2 die Leerontwikkelingsprogram slaag, moet hy/sy weer vir die M.B.,Ch.B.-program gekeur (moet dus aansoek doen – Sien Regulasie M4.7) en geregistreer word. Dit is die student se verantwoordelikheid om toe te sien dat herregistrasie wel plaasvind.

**Toeligting:**
Betaling kan by enige poskantoor of tak van Absa-bank in die land geskied. Die Universiteit se rekeningnommer wat hiervoor vermeld word, is: 1570 151 688, Takkode 630-734 – Absa-bank. Meld 100 + u studentnommer as verwysing.

**Reg. M3.4 DUUR VAN PROGRAM**

Die minimum tydsduur om die M.B.,Ch.B.-graad te verwerf is vyf jaar voltydse studie.

**Reg. M3.5 REGISTRASIE AS STUDENT IN DIE GENEESKUNDE BY DIE GESONDHEIDSBEROEPERAAD VAN SUID-AFRIKA**

Elke student in Geneeskunde is verplig om by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika (GBRSA) as student in die Geneeskunde te registreer. Studente sal deur die Universiteit verwittig word wanneer sodanige registrasie moet geskied.

**Toeligting**: Die volledige stel reëls en regulasies rakende registrasie as student in die Geneeskunde by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika, is ter insae by die kantoor van die Assistentdirekteur: Fakulteitsadministasie beskikbaar.

**Reg. M3.6 DIE PROGRAM**

Die program is in drie fases verdeel. Fase I word in semester 1 aangebied, Fase II in semester 2 tot 5 en Fase III in semester 6 tot 10. In Fases I en II is die inhoudelike in tematiese of sisteemgebaseerde modules georden. Fase III word aan Kliniese Geneeskunde gewy.

## DIAGRAMMATIESE VOORSTELLING VAN DIE STRUKTUUR VAN DIE M.B.,Ch.B.-PROGRAM 8371

| | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **FASE I** | | **FASE II** | | | | | | **FASE III** | | | | | | | |
| **JAAR 1** | | | **JAAR 2** | | | **JAAR 3** | | | **JAAR 4 (196K)** | | | **JAAR 5 (200K)** | | | |
| **Semester 1(84K)** | | **Semester 2** | **Semester 3 (152 K)** | | **Semester 4 (88K)** | **Semester 5 (104 K)** | | **Semesters 6 (36K)** | **Semester 7** | **Semester 8** | | **Semester 9** | **Semester 10** | | |
| **MEB153(12K) Gesondheid-psigologie** | **IMA 113 (12K) Geïntegreerde Mediese Assessering** | **GMR124 (0K) ** Membrane, Reseptore en beginsels van Farmakoterapie** | **GMR218 (32K)** | **IMA 213(12K) Geïntegreerde Mediese Assessering** | **GUS264 (16K) Urinêre stelsel** | **MFW354 (16K) Respiratoriese stelsel** | **IMA 313 (12K) Geïntegreerde Mediese Assessering** | **MEG323 (12K) Gesondheidsbeleid en Dienslewering** | **INM479 (52K) Interne Geneeskunde (Kardiologie/ Neurologie)** | **INM489 (52K) Interne Geneeskunde (Kardiologie/ Neurologie)** | **Verpligte inwoning met 'n goedgekeurde algemene praktisyn – 2 weke elektief** | **INM579(48K) Interne Geneeskunde** | **INM589(48K) Interne Geneeskunde** | **Semestereksamens aan die einde van Sem. 9 en 10, en in Huisartskunde (HAN578/588) slegs einde van Sem. 10** | **2de Geleentheid in November van die jaar** |
| **MEC153(12K) Die Dokter en die Omgewing** | | **MEO124 (0K) ** Struktuur en Ontwikkeling van die Liggaam (disseksieprogram)** | **MEO218 (32K)** | | **MEQ264 (16K) Hematologie en Immunologie** | **MEX354 (16K) Gesondheid en siekte in bevolkings** | | **MAE323 (12K) Menslike Lewenssiklus** | **CHM479 (48K) Chirurgie (Otorinolarin-gologie/Oftalmo logie /Ortopedie)** | **CHM489 (48K) Chirurgie (Otorinolarin-gologie/Oftalmo logie /Ortopedie)** | | **CHM579(56K) Chirurgie (Ortopedie, Urologie en Trauma)** | **CHM589(56K) Chirurgie (Ortopedie, Urologie en Trauma)** | | |
| **MED153(12K) Konsepte van Gesondheid en Siekte** | | **MEI124 (0K)** Molekules van die Liggaam Metabolisme** | **MEI218(32K)** | | **MIS264 (16K) Kardiovaskulêre stelsel** | **MGB354 (16K) Senuweestelsel** | | **GRE323 (12K) Reproduksie** | **PEM478 (32K) Pediatrie** | **PEM488 (32K) Pediatrie** | | **PEM578 (32K) Pediatrie en Psigiatrie** | **PEM588 (32K) Pediatrie en Psigiatrie** | | |
| **MEE153(12K) Weefsels van die Liggaam** | | | **MFP214(16K) Meganismes van Siekte** | | **MEY264(16K) Genitale stelsel** | **GEE354(16K) Endokriene stelsel** | | **INM323 (0K)** Interne Geneeskunde (Kardiologie/ Radiologie/ Gemeenskapsgesondheid/Neurologie)** | **GOB478 (32K) Obstetrie & Ginekologie** | **GOB488 (32K) Obstetrie & Ginekologie** | | **GOB578 (32K) Ginekologie** | **GOB588 (32K) Ginekologie** | | |
| **MEF153(12K) Struktuur en Ontwikkeling van die Liggaam** | | | **MJR214(16K) Infeksies en Antimikrobe Middels** | | **MEU264 (16K) Gastroïntestinale stelsel** | **MEZ354 (16K) Menslike diversiteit, Mense Regte en Regsetiek** | | **CHM323 (0K)** Chirurgie (Otorinolaringologie/ Oftalmologie / Urologie)** | **OSM478 (32K) Psigiatrie (Onkologie)** | **OSM488 (32K) Psigiatrie (Onkologie)** | | **HAN578 (32K) Huisartskunde en Anestesiologie** | **HAN588 (32K) Huisartskunde en Anestesiologie** | | |
| **MEA153(12K) Algemene Vaardighede** | | **GSM124 (0K) ** Epidemiologie, Biostatistiek en Spesiale Studiemodule** | **GSM213 (12K)** | | **GSM262 (8K) Epidemiologie,Bio stat. en SSM** | | | **PEM323 (0K)** Pediatrie** **GOB323 (0K)** Obstetrie & Ginekologie** | | | | | | | |
| **Vlak 8 Totale Krediete: 860 Leerure: 8600** | | **Leerontwikke-lingsprogram (LOP) vir 6 maande vir druipelinge** | | | **GKV264 (0K) ** Kliniese Vaardighede** | **GKV353 (12K)** | | **OSM323 (0K)** Psigiatrie (Onkologie)** | **In semester 7-10 word akademiese middae geskeduleer (Diverse elektiewe temas) (24 Krediete per jaar ingesluit in module krediete)** | | | | | | |

**** Voortsetting**

**Reg. M3.7 KLASBYWONING**

Bywoning van al die kontakperiodes in al drie die Fases is verpligtend. Daar word van studente verwag om 100% klasbywoning te hê. Studente wat minder as 80% van die kontakperiodes van 'n module of kliniese inwoning bygewoon het, sal nie toegelaat word om aan die assessering aan die einde van die module of inwoning deel te neem nie en sal beskou word asof hul die module of inwoning gedruip het. Die studente sal ook nie vir herassessering in aanmerking kom nie. In uitsonderlike gevalle mag die Hoof van die Skool toestemming vir afwesigheid verleen, op voorwaarde dat studente vooraf met die Hoof van die Skool reëlings vir afwesigheid tref.

**ASSESSERINGREGULASIES**

Kyk Reg. M4.

**Reg. M3.8 SLAAGVEREISTES**

Lees ook saam met Reg. M4.

**Reg. M3.8.1 Semester 1**

'n Student moet beide vraestelle van die eindassessering in IMA113 in die eerste semester slaag om na die tweede semester bevorder te word.
**<u>Toeligting</u>:** Verwys na Regulasie M4.4.2(b) wat saam met M3.8.1 gelees moet word.

**Reg. M3.8.2 Semester 2 en 3**

'n Student moet die eindassessering in IMA213 slaag om na semester 4 bevorder te word.

**Reg. M3.8.3 Semester 4 en 5**

Om na semester 6 bevorder te word, moet 'n student:

(a) Die eindassessering in IMA313 slaag.
(b) Voor die einde van semester 5 'n bevredigende Spesiale Studiemoduleverslag indien.

**Reg. M3.8.4 Semester 6, 7 en 8**

(a) 'n Student moet al die semesterassesserings, eindassesserings en kliniese inwonings slaag om na semester 9 en 10 bevorder te word.
(b) Aan die einde van semester 8, voor die aanvang van semester 9, moet 'n twee weke elektiewe inwoningsperiode by 'n algemene praktisyn voltooi word.
(c) Beide die teoretiese en kliniese afdelings moet in al die modules van Fase III afsonderlik geslaag word.
(d) Assessering van modules MAE, GRE en MEG sal plaasvind aan die einde van semester 6. 'n Student wat een of meer van bogenoemde modules druip, sal kwalifiseer vir 'n tweede assesseringsgeleentheid in dieselfde semester. Indien 'n student enige van die drie modules in die tweede geleentheid druip, sal so 'n student al die assesserings in die spesifieke module(s) in semester 8 moet herhaal en dit slaag om bevorder te word na semester 9 en 10.

**Reg. M3.8.5 Semester 9 en 10 (vyfde studiejaar)**

Om die vyfde en finale studiejaar te slaag, moet 'n student:

(a) Al die blok- en kliniese inwoningsassesserings slaag.
(b) Beide die teoretiese en kliniese semesterassesserings in al die modules van Fase III afsonderlik slaag.
(c) Die semesterassessering van Huisartskunde (HAN578/588) wat slegs aan die einde van semester 10 aangebied word, slaag.
(d) 'n Bevredigende elektiefverslag moet voor die einde van April van semester 9 (vyfde studiejaar) ingehandig word. Die punte daarvan word ingereken by die Huisartskunde-modulepunt.

**Reg. M3.8.6 Slaagvereistes vir subafdelings van die program**

Die slaagvereistes vir modules, kliniese inwonings, geïntegreerde assesserings, spesiale studiemoduleverhandelings, die elektiefverslag en die verslag oor gemeenskapswerk word in die moduledokumente van Fase I, Fase II en Fase III uiteengesit.

**Reg. M3.9 HERHALING**

**Reg. M3.9.1 Herhaling van Fase I (semester 1) en Fase II (semesters 2, 3, 4 en 5)**

(a) Geen student mag semester 1 (Fase I) meer as een maal herhaal nie.
(b) Studente wat die eerste semester in die eerste studiejaar toegang tot die IMA eksamen het en dit druip moet die Leerontwikkelingsprogram (LOP) doen, en studente wat semesters 3 of 5 druip, moet die voorafgaande semester(s) in totaliteit herhaal. Verwys na Regulasie M4.2. a, b en c.
(c) Nie meer as twee jaar mag tussen 'n eerste en tweede poging verloop nie.
(d) Studente moet die eerste vier (4) akademiese studiejare (tot einde semester 8) binne 'n maksimum van ses (6) kalenderjare voltooi, m.a.w. hierdie is die maksimum periode wat toegelaat sal word vir voltooiing van die eerste vier akademiese studiejare.
(e) 'n Student wat nie ten minste 50% van die aantal geregistreerde modules vir die betrokke jaar geslaag het nie, sal nie tot die program hertoegelaat word nie.

**Reg. M3.9.2 Herhaling van semesters 9 en 10 (vyfde studiejaar)**

'n Student wat die finale assesseringsgeleentheid per module aan die einde van semester 9 en 10 druip, sal na ses maande weer toegelaat word om die assessering <u>te herhaal in die daaropvolgende jaar ingevolge regulasies (a - i) hieronder genoem.</u> Indien steeds onsuksesvol, sal 'n laaste geleentheid om die assessering te herhaal ses maande later toegestaan word.

(a) 'n Student wat een module druip en in al die ander modules bo 60% behaal, mag die assessering in die betrokke module na drie maande herhaal. So 'n student moet vir die module registreer.
(b) 'n Student wat een module druip en in 1, 2 of 3 modules minder as 60% behaal, mag die assessering in die betrokke module na ses maande herhaal. So 'n student moet vir die module registreer.
(c) 'n Student wat twee modules druip en in al die ander modules meer as 60% behaal, mag die assessering in die betrokke modules na ses maande herhaal. So 'n student moet vir die betrokke modules registreer.
(d) 'n Student wat twee modules druip en in slegs 1 (een) ander module minder as 60% behaal mag die assessering na ses maande herhaal. So 'n student moet vir die

betrokke modules registreer.

(e) ’n Student wat twee modules druip en in meer as 1 (een) ander module minder as 60% behaal, moet semester 9 en 10 (vyfde studiejaar) herhaal.

(f) ‘n Student wat drie of meer modules druip herhaal semester 9 en 10 (vyfde studiejaar) en geen vrystelling van assessering word in enige van die modules verleen nie. So ‘n student moet weer vir die betrokke modules registreer.

(g) ’n Student wat ses maande moet herhaal, moet weer vir al die toepaslike modules registreer en inwoon, en ‘n modulepunt van minstens 60% in die voorheen geslaagde modules behaal om vir vrystelling van assessering in die betrokke modules in aanmerking te kom.

(h) ‘n Student moet skriftelik aansoek doen om vrystelling van assessering in modules wat voorheen geslaag is, soos uiteengesit in a – f.

(i) Indien ’n student wat gedruip het toegelaat word om na ses maande assessering in een of meer modules af te lê en steeds onsuksesvol is, sal ’n laaste assesseringsgeleentheid ses maande later toegestaan word.

**Toeligting:**

Geen tweede geleentheid of siekte-assessering bestaan vir modules in semester 9 en 10 nie. ‘n Student wat siek is tydens die finale assessering van ‘n module(s), sal die betrokke module(s) na **drie maande** in die nuwe akademiese jaar herhaal. So ’n student moet vir die betrokke module(s) registreer.

**Reg. M3.10 HERTOELATING VAN STUDENTE TOT DIE M.B.,Ch.B.-PROGRAM (EERSTE TOT VIERDE STUDIEJAAR SEMESTERS 1-8)**

Sien Regulasie M4.7.

**Reg. M3.11 BEVORDERING NA DIE VOLGENDE SEMESTER/STUDIEJAAR**

Om na die volgende semester/studiejaar bevorder te word, moet 'n student aan al die slaagvereistes vir die voorafgaande semester / studiejaar voldoen.

**Reg. M3.12 MODULE- /SEMESTERPUNT**

Benewens die bepalings van Reg. A1.14 (Modulepunt), geld al die regulasies soos uiteengesit in die modulegidse vir Fase I, Fase II en Fase III van die M.B.,Ch.B.-program.

**Reg. M3.13 TUSSENTYDSE REGULASIES**

Die hersiene kurrikulum sal in 2007 vir jaar 1 geïmplemeteer word. Ten einde voorsiening te maak vir die hersiening en veranderinge in die kurrikulum sal die volgende interim regulasies geld:

(a) Indien ‘n student jaar 1 druip in 2006, sal die student weer in semester 1 van 2007 met die hersiene kurrikulum begin.

(b) Indien die student jaar 2 druip in 2007, sal die student in 2008 ‘n keuse uit twee opsies gegee word, naamlik:

  (i) Druip terug in semester 3 van hersiene kurrikulum en kry spesiale aandag in module MEO en skryf dan IMA213 aan die einde van semester 3

  **OF**

  (ii) Wag 6 maande en herhaal dan semester 2 en 3 in totaliteit.

(c) Indien die student jaar 3 druip in 2008, sal die student in 2009 ‘n keuse uit twee opsies gegee word, naamlik:

(i) Druip terug in semester 5 van hersiene kurrikulum en skryf dan IMA313 aan die einde van semester 5

**OF**

(ii) Wag 6 maande en herhaal dan semester 4 en 5 in totaliteit.

(d) Indien ‘n student jaar 4 druip in 2009, sal die student in 2010 ‘n keuse uit twee opsies gegee word, naamlik:

(i) Begin met die hersiene kurrikulum in semester 7

**OF**

(ii) Wag 6 maande en herhaal dan semester 6,7 en 8 in totaliteit.

**(e) Indien ‘n student jaar 5 druip in 2010, sal die student onderworpe wees aan die bepalings van Regulasie M3.9.2.**

**Reg. M3.14: VRYSTELLING VAN MODULES WAT REEDS GESLAAG IS**

**SAAMGELEES MET REG. M4.5 ONDER ASSESSERINGSREGULASIES ONDER MEA**

Met uitsondering van die finalejaars (Reg. M3.9.2.), kan ‘n student wat ‘n semester/jaar herhaal en reeds ‘n module(s) geslaag het en in die voorafgaande semester/jaar ‘n modulepunt van minstens 60% in die betrokke module(s) verwerf het, en meer as 80% van die kontaksessies en kliniese inwonings in die huidige semester/jaar bygewoon het, aansoek doen om vrygestel te word van assessering in die betrokke module(s).

**Toeligting:**

Aansoek om vrystelling van assessering word gedoen op die voorgeskrewe aansoekvorm, wat by die kantoor van die Assistentdirekteur: Fakulteitsadministrasie beskikbaar is. Aansoeke moet voor die aanvang van die assesseringsgeleentheid via die departementshoof by die Hoof van die Skool vir Geneeskunde ingedien word.

## ASSESSERINGSREGULASIES TEN OPSIGTE VAN DIE M.B.,CH.B.-PROGRAM 8371

### Reg. M4 REGULASIES TEN OPSIGTE VAN ASSESSERING

Die assesseringsregulasies van die Universiteit is, soos waar nodig aangepas, van toepassing op die Skool vir Geneeskunde.

### Reg. M4.1 TOELATING TOT ASSESSERINGSGELEENTHEID

(a) Bywoning van al die kontaksessies in al die modules in die Skool vir Geneeskunde is verpligtend.
(b) Studente wat minder as 80% van die kontaksessies of kliniese inwoning in 'n module bygewoon het, sal nie toegelaat word om aan die assessering aan die einde van die module of inwoning deel te neem nie en sal ook nie vir 'n tweede geleentheid in aanmerking kom nie.
(c) Sodra minder as 80% bywoning bereik word, word 'n student nie toegelaat om voort te gaan met die module sonder die Hoof van die Skool se goedkeuring nie.
(d) 'n Minimum modulepunt van 40% word vereis vir toelating tot die assessering, en dit geld vir alle modules.

**Toeligting:** Uitgesluit Fase I. Verwys Regulasie M4.2(A)

### Reg. M4.2 SAMESTELLING VAN MODULEPUNTE

### A. FASE I – SEMESTER 1

Die modules in semester 1 is MEA, MEB, MEC, MED, MEE en MEF.

Vir semester 1 sal die volgende modules saam geassesseer word:
- MEB, MEC, MED en MEA.
- MEE, MEF en MEA.

Vir die twee groepe modules wat saam geassesseer word, is daar ten minste twee assesseringsgeleenthede gedurende semester 1 en elke assessering bestaan uit 'n modulespesifieke en 'n geïntegreerde komponent.

Aan die einde van semester 1 word daar 'n semester-eindassessering aangebied, wat bestaan uit 'n geïntegreerde mediese wetenskap-assessering (IMA113). Die formaat van die assessering is soortgelyk aan die assesserings gedurende die semester en bestaan uit modulespesifieke en geïntegreerde vrae.

Die IMA113 bestaan uit twee vraestelle wat onafhanklik geslaag moet word en wat die groepe modules saam assesseer soos hieronder uiteengesit word:

Vraestel 1: - MEB, MEC en MED met MEA geïntegreerd.
Vraestel 2: - MEE en MEF met MEA geïntegreerd.

Indien 'n student nie toelating tot die semester-eindassessering kry nie, sal hy/sy outomaties toegelaat word tot die Leerontwikkelingsprogram. Laasgenoemde sluit alle senior studente en studente wat reeds 'n oorbruggingsprogram deurloop het, uit. Daardie

senior en oorbruggingstudente moet na ses maande weer semester 1 herhaal. Daardie senior en oorbruggingstudente kan onmiddelik aansoek doen om herkeuring/-toelating tot semester 1.

Die toelatingsvereiste vir die semester eindassessering IMA113 (semester 1) is soos volg: Ten minste vyf van die ses modules moet geslaag word (ten minste 50%) en ‘n toelatingspunt van ten minste 40% moet vir die oorblywende module behaal word. Die semesterpunte behaal in MEA153, MEB153, MEC153, MED153, MEE153, MEF153 dra nie by tot die semester-eindassesseringspunt nie, maar bepaal of die student toegelaat word tot die semester-eindassessering. Die semesterpunte van hierdie modules sal dan ook as die finale modulepunte op die Universiteit se databasis verskyn.

'n Student wat die semester-eindassessering, d.w.s die geïntegreerde mediese wetenskap-vraestelle (IMA113) druip, kan kwalifiseer vir 'n tweede geleentheid ingevolge die betrokke regulasie (Regulasie M4.4.2.) en moet in beide vraestelle afgelê word. Beide groepe vraestelle sal deel uitmaak van die tweede geleentheid. Indien ‘n student die tweede geleentheid ook druip, word die student toegelaat tot die Leerontwikkelingsprogram in semester 2.

Indien ‘n student die semester-eindassessering in IMA113, asook die afsonderlike vraestelle van IMA113, slaag, word hy/sy tot semester 2 toegelaat (Reg. M3.8.1).

## B. FASE II – SEMESTER 2 & 3

Die modules in semesters 2 en 3 is GMR, MEI, MFP, MJR, GSM en MEO.

Gedurende die semesters word twee geïntegreerde mediese wetenskap-assesserings aangebied, waarvan die punte bydra tot die semesterpunt vir IMA213, wat 50% van die finale punt in die skriftelike komponent van IMA213 sal uitmaak.

Aan die einde van semester 3 word 'n geïntegreerde mediese wetenskap-assessering (IMA213) aangebied, wat uit ‘n skriftelike en OSPE (Objektiewe Gestruktureerde Praktiese Eksamen) -komponent bestaan. Beide komponente moet onafhanklik geslaag word.

Om toelating tot die eindassessering van IMA213 te verkry, moet ‘n student minstens 5 (vyf) van die 6 (ses) modules slaag en minstens ‘n minimum van 40% behaal in die module wat gedruip is. Indien ‘n student nie toelating tot die eindassessering van IMA213 behaal nie, moet die student semester 2 en 3 herhaal. Indien die student die eerste eindassessering van IMA213 druip, kan die student kwalifiseer vir ‘n tweede geleentheid ingevolge die betrokke regulasies. Beide die skriftelike en OSPE-komponente sal assesseer word.

Indien ‘n student semester 2 en 3 herhaal en reeds GSM geslaag het, kan aansoek gedoen word vir vrystelling van GSM.

Indien ‘n student die semester-eindassessering in IMA213 slaag word hy/sy toegelaat tot semester 4.

## C. FASE II – SEMESTER 4 & 5

Die modules in semester 4 en 5 is GUS, MEQ, MIS, MEY, MEU, MFW, MEX, MGB, GEE, MEZ, GSM en GKV.  GSM is 'n deurlopende module en sluit 'n navorsingsprojek in waarvoor 'n finale assesseringspunt aan die einde van semester 5 toegeken word.

Gedurende die semesters word twee geïntegreerde mediese wetenskap-assesserings aangebied, waarvan die punte bydra tot die semesterpunt vir IMA313, wat 50% van die finalepunt van die skriftelike komponent van  IMA313 sal uitmaak.

Aan die einde van semester 5 word 'n geïntegreerde mediese wetenskap-assessering (IMA313) aangebied. Die semester-eindassessering (IMA313) aan die einde van semester 5 bestaan uit een skriftelike geïntegreerde mediese wetenskap-assessering sowel as 'n OSKE (Objektiewe Gestruktureerde Kliniese Eksamen), wat ook 'n mondelinge assessering insluit.  Beide komponente moet onafhanklik geslaag word.

Om toelating tot die eindassessering van IMA313 te verkry, moet 'n student minstens 11 (elf) van die 12 (twaalf) modules slaag en 'n minimum van 40% behaal in die module wat gedruip is.  Indien 'n student nie toelating tot die eindassessering van IMA313 behaal nie, moet die student semester 4 en 5 herhaal.  Indien die student die eerste eindassessering van IMA313 druip, kan die student kwalifiseer vir 'n tweede geleentheid ingevolge die betrokke regulasies.  Beide die skriftelike en OSKE-komponent sal geassesseer word.

Indien 'n student semester 4 en 5 herhaal en reeds GSM geslaag het, kan aansoek gedoen word vir vrystelling van GSM.

Indien 'n student die semester eindassessering in IMA313 slaag (ooreenkomstig die bepalings van Reg. M3.8.3), word hy/sy toegelaat tot semester 6.

## D. FASE III – SEMESTER 6

Die modules in semester 6 is MEG, MAE en GRE. Verder is daar ook modules INM, CHM, PEM, GOB en OSM in semester 6 wat in semester 7 en 8 voortgesit word.

Punte wat vir assesserings gedurende semester 6 behaal word, word oorgedra na semester 7 en 8.  Assessering sluit beide skriftelike en kliniese assessering in waar van toepassing en punte behaal dra 'n maksimum van 50% by tot 'n modulepunt aan die einde van semester 8. Semester 6 sal Anestesiologie se skriftelike komponent van semester 5 en  beide die skriftelike en kliniese komponente van semester 6 insluit.

Dus is daar geen semester-eindassessering in modules INM, CHM, PEM, GOB en OSM in semester 6 nie, aangesien die modules voortgesit word in semester 7 en 8 en in daardie semesters geassesseer word.

Assessering van modules MAE, GRE en MEG sal plaasvind aan die einde van semester 6. 'n Student wat een of meer van bogenoemde modules druip, sal kwalifiseer vir 'n tweede assesseringsgeleentheid in dieselfde semester. Indien 'n student enige van die drie modules in die tweede geleentheid druip, sal so 'n student al die assesserings in die spesifieke module(s) in semester 8 moet herhaal en dit slaag om na semester 9 en 10 bevorder te word.

## E. FASE III – SEMESTER 7 & 8

Aan die einde van beide semester 7 en 8 word 'n semesterassessering per module aangebied. Die semesterassessering behels 'n teoretiese sowel as 'n kliniese assessering.

Verder word daar aan die einde van semester 8 vir alle modules van semesters 7 en 8 eindassesserings aangebied. Die skriftelike komponent is verpligtend vir alle studente en geen promovering is van toepassing nie, maar studente wat tydens die kliniese semesterassesserings gedurende die semester 'n punt van 60% of meer behaal, sal vrygestel word van die kliniese komponent van die eindassessering.

Studente wat 60% en minder tydens die kliniese assesserings gedurende die semester behaal moet beide die skriftelike en kliniese semester-eindassessering in semester 8 voltooi.

Indien 'n student die module-eindassessering in semester 8 druip, kan hy/sy kwalifiseer vir toelating tot die tweede assesseringsgeleentheid ingevolge die betrokke regulasies.

### F. FASE III – SEMESTER 9 & 10

Aan die einde van beide semester 9 en 10 is daar semester-eindassesserings in alle relevante modules wat uit 'n skriftelike en 'n kliniese komponent bestaan. Dit word beskou as 'n professionele kwalifiserende eksamen en eksterne eksaminatore is betrokke by die assessering. Hierdie assesserings handel oor alle kliniese dissiplines waardeur studente gedurende die voorafgaande semester roteer het, insluitend Otorinolaringologie, Ortopedie, Urologie, Anestesiologie, Onkoterapie, Radiologie en Oftalmologie.

Geen tweede geleentheid of siekte-assessering bestaan vir modules in semester 9 en 10 nie. 'n Student wat siek is tydens die finale assessering van 'n module(s), sal die betrokke module(s) na drie of ses maande volgens die program van die nuwe akademiese jaar herhaal. So 'n student moet vir die betrokke module(s) registreer. Geen ander voorsiening word vir siekte-eksamens gemaak nie.

Aan die einde van semester 10 word 'n finale kliniese geïntegreerde assessering aangebied vir Huisartskunde (HAN578/588). Dit behels kliniese gevalle en OSKE (OSPE) waartydens die student geassesseer word ten opsigte van algemene kliniese evaluering en hantering van die pasiënt, asook professionele en kommunikasievaardighede, houding en gedrag.

Studente wat enige van die 6 modules in een of albei die semestereksamens druip, sal die nodige inwonings en assesserings moet herhaal soos vervat in **Reg. M3.9.2: Herhaling van semesters 9 en 10 (vyfde studiejaar)**

### Reg. M4.3 PROMOVERINGSTELSEL

Daar bestaan geen promoveringstelsel op voorgraadse vlak vir modules wat in die Fakulteit aangebied word nie, behalwe die genoemde promovering van die kliniese komponent van die eindassessering aan die einde van semester 8.

### Reg. M4.4 ASSESSERINGSSTELSEL

### Reg. M4.4.1 Algemene regulasies met betrekking tot programme

Daar word van alle studente in die Skool vir Geneeskunde vereis om aan die eerste assesseringsgeleentheid deel te neem.

### Reg. M4.4.2 Kwalifisering van ‘n student vir die tweede assesseringsgeleentheid

‘n Student wat die eerste geleentheid druip, kwalifiseer vir ‘n tweede assesseringsgeleentheid (uitgesluit semester 9 en 10) indien:

(a) ‘n Student ‘n finale gesamentlike punt van minstens 45% met ‘n subminimum van minstens 30% tydens die eerste assesseringsgeleentheid behaal het.
(b) ‘n Student ‘n finale gesamentlike punt van 50% of meer tydens die eerste assesseringsgeleentheid behaal het, maar nie die subminimum van 40% in die komponente van die spesifieke assessering behaal het nie.
(c) ‘n Student ‘n geldige mediese sertifikaat voorlê waarin gesertifiseer word dat die student nie aan die eerste assesseringsgeleentheid kon deelneem nie (spesiale vorm wat deur ‘n geneesheer voltooi moet word).
**Toeligting:** Hierdie mediese sertifikaat moet binne 48 uur na die afwesigheid by die Hoof van die Skool vir Geneeskunde, kamer D204, ingedien word. Vir studente wat op hierdie wyse aan die tweede geleentheid deelneem, bestaan daar geen verdere geleentheid nie, behalwe in die geval van ‘n spesiale assesseringsgeleentheid soos hieronder uiteengesit word (slegs M.B.,Ch.B-studente).
(d) 'n Student ‘n gesamentlike punt van 50% of hoër behaal, maar nie beide die teoretiese en kliniese komponente afsonderlik slaag nie.
(e) Hierdie reëling geld nie in semester 9 en 10 nie.

Geen tweede assesseringsgeleentheid bestaan in die Skool vir Geneeskunde vir verbetering van die finale modulepunt nie.

Die tweede assesseringsgeleentheid van semesters 1, 3 en 5 word gedurende die laaste week van Junie aangebied, en die tweede assesseringsgeleentheid van semester 8 in November van die betrokke jaar.

Assessering van modules MAE, GRE en MEG sal plaasvind aan die einde van semester 6. ‘n Student wat een of meer van bogenoemde modules druip, sal kwalifiseer vir ‘n tweede assesseringsgeleentheid in dieselfde semester.

### Reg. M4.4.3 Spesiale assesseringsgeleentheid: <u>Slegs</u> MB.,Ch.B. IV

(a) ‘n Spesiale assesseringsgeleentheid word in November van dieselfde jaar vir M.B.,Ch.B. IV-studente tydens die tweede assesseringsgeleentheid aangebied.
(b) ‘n Student wat na die eerste assesseringsgeleentheid in November een module kort (uit die eerste en tweede semester van die betrokke jaar) om die jaar te slaag kan kwalifiseer vir ‘n spesiale assesseringsgeleentheid mits die student:
    (i) Wel toelating tot die eerste assesseringsgeleentheid gehad het (dit wil sê ‘n modulepunt van minstens 40%).
    (ii) Minstens 30% vir die ontbrekende module tydens die eerste assesseringsgeleentheid behaal het.
    (iii) Al die ander modules geslaag het, of gekwalifiseer het vir ‘n tweede assesseringsgeleentheid in ander modules in November van dieselfde jaar.
(c) Waar kurrikula vereis dat ‘n student alle modules van die betrokke semester/jaar

moet slaag ten einde tot die volgende semester/studiejaar bevorder te word, sal ‘n student met slegs **een** uitstaande module (eerste of tweede semester van die betrokke jaar) tot ‘n spesiale assesseringsgeleentheid gedurende die tweede assesseringsgeleentheid toegelaat word ongeag enige bepalings. Hierdie bepaling geld slegs vir M.B.,Ch.B. IV-studente.

(d) ‘n Student wat na die tweede assesseringsgeleentheid een of meer module kort om die semester(s)/jaar te slaag, moet die betrokke semester(s)/jaar herhaal. Kyk ook Regulasie M4.7 (b).

(e) Indien ‘n student nie aan die eerste of die tweede assesseringsgeleentheid deelgeneem het nie, sal sodanige student geen verdere geleentheid tot assessering gebied word nie.

**Reg. M4.4.4 Eksamenuitslae**

Binne vyf (5) dae nadat die voorlopige eksamenuitslae op ‘n gespesifiseerde kennisgewingbord in die Fakulteit aangebring is, kan ‘n student skriftelik aansoek doen om ‘n spesifieke eksamenskrif te laat nagaan vir foute.

**Toeligting:**

Hierdie versoek moet by die kantoor van die Assistentdirekteur, kamer D211, Francois Retief-gebou, ingehandig word. Afskrifte word van die skriftelike versoek van die student gemaak, die datum daarop aangebring en gestuur aan die betrokke dosent/moduleleier/departementshoof en Programdirekteur in oorleg met die Hoof van die Skool. Beide die student en kantoor behou ‘n afskrif vir rekorddoeleindes.

Die dosent/moduleleier/departementshoof sal telefonies deur die Fakulteitsadministrasie in kennis gestel word.

Die dosent/moduleleier/departementshoof gaan die eksamenskrif na vir foute en om te kontroleer of die punte korrek opgetel is en of al die vrae nagesien is. (Geen soektog na punte sal toegelaat word nie.)

Indien daar ‘n verandering aan die punt aangebring moet word weens 'n optelfout of vraag wat nie nagesien is nie, sal die besonderhede skriftelik aan die Assistentdirekteur en Hoof van die Skool deurgestuur word.

Die wysiging van die punt, indien dit tot die student se voordeel is, kan dan aangebring word in oorleg met die Hoof van die Skool en die Dekaan.

Indien die student steeds ontevrede is met die uitslag van die nasien van die eksamenskrif, het die student die reg tot onmiddellike appèl via die departementshoof na die Dekaan vir ‘n hernasien van die eksamenskrif. ‘n Skriftelike versoek in die verband moet eweneens binne dieselfde vyf (5) eksamendae by die Assistentdirekteur ingehandig word. Indien die Hoof van die Skool vir Geneeskunde/Dekaan dit goedkeur, sal die departementshoof versoek word om die hele eksamenskrif na te sien.

Die uitslag ten opsigte van die hernasien word aan die Assistent-Direkteur deurgestuur vir voorlegging aan die Dekaan/Hoof van die Skool vir Geneeskunde. Indien die uitslag van die hernasien tot voordeel van die student is, sal die gewysigde punt aan die student toegeken word, andersins word die oorspronklike punt gehandhaaf.

Koste mag aan ‘n hernasien verbonde wees.

Indien ‘n student, nadat bogemelde stappe gevolg is, steeds ontevrede is met die uitslag, het die student die reg tot onmiddellike appèl tot die Akademiese Appèlkomitee van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe. ‘n Skriftelike versoek in die verband moet minstens vyf (5) eksamendae nadat die uitslag van die hernasien bekend gemaak is, by die Assistentdirekteur ingedien word.

**Reg. M4.4.5 Berekening van punte**

(a) Die modulepunt en die assesseringpunt dra 50% by tot die finale gesamentlike punt (uitgesluit Fase I).

(b) Berekening van punte van studente wat aan ‘n tweede assesseringsgeleentheid deelgeneem het:

   (i) Indien ‘n student weens siekte aan die tweede assesseringsgeleentheid deelneem, word die finale gesamentlike punt bereken soos in geval van die eerste assesseringsgeleentheid (dit wil sê modulepunt 50% en assesseringpunt 50%).

   (ii) Indien ‘n student vir ‘n tweede assesseringsgeleentheid en/of spesiale assesseringsgeleentheid gekwalifiseer het, sal die modulepunt en slegs die tweede of spesiale assesseringsgeleenthede se punte in berekening gebring word (dit wil sê modulepunt 50% en tweede/spesiale assesseringsgeleentheid 50%) met dien verstande dat ‘n finale gesamentlike assesseringpunt van slegs 50% toegeken word aan studente wat slaag.

**Reg. M4.5 VRYSTELLING VAN MODULES WAT REEDS GESLAAG IS**

(a) MEA

M.B.,Ch.B-studente wat aan die verwagte uitkomste in MEA (Algemene Vaardigheidsmodule) voldoen het, maar wat die eerste semester herhaal, kan vrygestel word van portefeulje assessering in MEA, maar moet steeds aan die bywoningsvereistes voldoen. Aansoek om vrystelling van die portefeulje assessering moet op die voorgeskrewe vorm wat by die kantoor van die Assistentdirekteur: Fakulteitsadministrasie beskikbaar is, gedoen word en via die Moduleleier by die Hoof van die Skool ingedien word.

(b) Slegs Vierde Studiejaar

‘n M.B.,Ch.B.-student wat reeds ‘n module(s) geslaag het en gedurende die daaropvolgende jaar ‘n modulepunt van minstens 60% in die betrokke module(s) verwerf en ten minste 80% bywoning van die kontaksessies en kliniese inwoning het, kan vrygestel word van die assessering in die betrokke module(s). Aansoek om vrystelling van die betrokke assesering word op die voorgeskrewe aansoekvorm wat by die kantoor van die Assistentdirekteur: Fakulteitsadministrasie beskikbaar is, gedoen. Hierdie aansoek moet voor die aanvang van die assesseringsgeleentheid via die departementshoof by die Hoof van die Skool ingedien word.

**Reg. M4.6 EERSTE KWALIFIKASIE MET LOF (CUM LAUDE) (geld nie vir B.Med.Sc.-studente nie)**

(a) ‘n Kwalifikasie word met lof (cum laude) toegeken indien ‘n gemiddelde punt van minstens 75% oor die vyf modules in die eindassessering behaal is, en ‘n gemiddelde persentasie van 70% oor die res van die program behaal is.

(b) Die kwalifikasie moet binne die voorgeskrewe tydperk behaal word.

**Reg. M4.7 HERTOELATING VAN STUDENTE TOT DIE M.B.Ch.B.-PROGRAM**

**(eerste tot vierde studiejaar: semesters 1 - 8)**

**Die volgende is van toepassing, ongeag die bepalings van die Algemene Regulasies:**

(a) ‘n Student word slegs toegelaat om semester 1 te herhaal nadat die Leerontwikkelingsprogram suksesvol deurloop is en hy/sy weer gekeur word tot semester 1. Laasgenoemde sluit uit senior studente en studente wat reeds die oorbruggingsprogram deurloop het. Die student moet skriftelik aansoek doen om toelating sodra die finale uitslag bekend is.

(b) Om toelating tot herhaling van semesters 2 en 3, semesters 4 en 5, asook semesters 7 en 8 te bekom, moet ‘n student weer gekeur word en hy/sy moet skriftelik daarom aansoek doen sodra die finale uitslag van die betrokke assessering bekend is.

(c) Semester 1, semesters 2 en 3, semesters 4 en 5, asook semesters 6, 7 en 8 mag elk slegs een keer herhaal word.

(d) ‘n Student wat druip, moet binne sewe (7) dae nadat die finale uitslag bekend is, skriftelik om hertoelating tot die betrokke semesters aansoek doen by die Assistentdirekteur:Fakulteitsadministrasie.

## Reg. M5 REGULASIES VIR DIE PROGRAM BACCALAUREUS IN MEDIESE WETENSKAPPE (STRALINGSWETENSKAPPE)

## Reg. M5.1 TOELATINGSVEREISTES

Slegs kandidate wat oor ’n Nasionale Senior Sertifikaat beskik wat deur UMALUSI uitgereik is (of 'n gelykwaardige kwalifikasie wat deur die Universiteit goedgekeur sal moet word), sal tot die program toegelaat word. ‘n Gemiddelde punt op prestasievlak 5 (d.w.s. 60%) vir wetenskapsdissiplines word benodig en sal bereken word op grond van Wiskunde en Fisiese Wetenskappe op prestasievlak 5 (60%). Lewenswetenskappe is 'n aanbeveling. Alle studente, insluitend senior studente en studente vanaf ander fakulteite en universiteite, sal aan keuring onderwerp word. 'n Toelatingspunt (TP-telling) van minstens 36 word vereis.

Ten opsigte van die onderrigtaal van keuse (Afrikaans of Engels) word ‘n minimum prestasiepunt op prestasievlak 5 (60%) vereis.

### Reg. M5.1.1 Erkenning van modules voor verkryging van ‘n kwalifikasie van hierdie Universiteit

Jaarboek vir Institusionele Reëls, Regulasie A11 vir eerste Baccalaureusgrade geld.

### Reg. M5.1.2 Erkenning van modules na verkryging van ‘n kwalifikasie van hierdie Universiteit

Jaarboek vir Institusionele Reëls, Regulasie A12 vir eerste Baccalaureusgrade geld.

### Reg. M5.1.3 Erkenning van modules aan ‘n ander Hoëronderwysinrigting geslaag

Jaarboek vir Institusionele Reëls, Regulasie A10 vir eerste Baccalaureusgrade geld.

Studente sal slegs tot die program toegelaat word nadat volledige sillabusse en krediete van elke module wat so ‘n student geslaag het aan die departement wat die program aanbied, voorgelê is vir assessering. Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe behou die reg voor om sodanige student ‘n toelatingseksamen te laat skryf.

## Reg. M5.2 KURRIKULUMSAMESTELLING

Jaarboek vir Institusionele Reëls, Regulasie A8 vir eerste Baccalaureusgrade geld.

Die kurrikulum bestaan uit verpligte en elektiewe (keuse-) modules. Modules moet op so ‘n wyse gekies word dat daar aan die voorvereistes van sodanige modules en vereistes van die graadprogram voldoen word. Studente moet daarop let dat daar vir die derde studiejaar drie (3) elektiewe hoofmodulerigtings bestaan waarvan een (1) gekies moet word. Studente moet daarom gedurende die tweede studiejaar sorg dat elektiewe modules op sodanige wyse gekies word dat daar aan die voorvereistes en vereistes van die gekose rigting voldoen word. **Stralingswetenskap (RSC) is die verpligte hoofmodule.**

**Reg. M5.3 KURRIKULUM (Totale krediete 424)**

‘n Student in die B.Med.Sc. (Stralingswetenskappe)-program moet die kurrikulum met inagneming van die Fakulteit- en Algemene Regulasies, ooreenkomstig die inligting hieronder saamstel.

| Jaar | Vak | Semester 1 | Semester 2 |
|---|---|---|---|
| 1 | Fisika | FSK114 (16 k) | FSK124 (16 k) |
| | Wiskunde | WTW134 (16 k) | WTW144 (16 k) |
| | Biologie | BLG114 (16 k) | |
| | Anatomie | | ANA124 (16 k) |
| | Chemie | CEM114 (16 k) | CEM124 (16 k) |
| | Basiese vaardighede* | ACC112 (8 k) | |
| 2 | Stralingsfisika | RSC213 (12 k) | |
| | Stralingsbiologie | RSC233 (12 k) | |
| | Stralingsdetektore | | RSC223 (12 k) |
| | Tumorbiologie | | RSC243 (12 k) |
| | Fisika | FSK214 (16 k) en FSK232 (8 k) | FSK224 (16 k) en FSK242 (8 k) |
| | Toegepaste Wiskunde | WTW234 (16 k) | WTW244 (16 k) |
| | Fisiologie | FFA208 (32 k) | |
| 3 | Stralingsdosimetrie | RSC314 (16 k) | |
| | Onkologie | RSC334 (16 k) | |
| | Stralingsbeskerming | | RSC324 (16 k) |
| | Behandelingsmodaliteite | | RSC344 (16 k) |
| | Fisika | FSK314 (16 k) en FSK332 (8 k) en FSK352 (8 k) | FSK324 (16 k) en FSK342 (8 k) en FSK362 (8 k) |

*Basiese Vaardighede ACC112 - hierdie module is verpligtend en moet geslaag word voordat die graad toegeken word.

**Reg. M5.4 VOORVEREISTES**

Jaarboek vir Institusionele Reëls, Regulasie A8 vir eerste Baccalaureusgrade geld.

Addisioneel tot die voorvereistes vervat in die Jaarboek vir Institusionele Reëls, geld die volgende voorvereistes ten opsigte van Stralingswetenskap.

| | |
|---|---|
| RSC213 | Min(FSK114) en Min(FSK124) |
| RSC233 | Min(BLG114) |
| RSC223 | Min(RSC213) |
| RSC243 | Min(RSC233) |
| RSC314 | Min(RSC213) en Min(RSC223) |
| RSC334 | Min(RSC233) en Min(RSC243) |
| RSC324 | Min(RSC314) |
| RSC344 | Min(RSC334) |

**Reg. M5.5 TYDSDUUR VAN DIE PROGRAM**

Jaarboek vir Institusionele Reëls, Regulasie A8(c) vir eerste Baccalaureusgrade geld.

Die minimum tydsduur vir verwerwing van die B.Med.Sc.-graad in Stralingswetenskap is drie jaar voltydse studie.

**Toeligting**
Na voltooiïng van die derde jaar kan nagraadse studie in Geneeskundige Fisika tot op Ph.D.-vlak gevolg word. 'n Student wat by die Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika as Mediese Fisikus wil registreer, moet oor 'n B.Med.Sc. (Hons) in Geneeskundige Fisika beskik en twee jaar internskap voltooi.

**Reg. M5.6 REGULASIES BETREFFENDE ASSESSERING**

Die assesseringsregulasies van die Universiteit is, soos waar nodig aangepas, van toepassing op die B.Med.Sc. Stralingswetenskappe-program.

**Reg. M5.6.1 TOELATING TOT ASSESSERINGSGELEENTHEID**

(a) Bywoning van al die kontaksessies in al die modules in die Skool vir Geneeskunde is verpligtend.
(b) 'n 100% klasbywoning word van studente verwag. Studente wat minder as 80% van die kontaksessies in 'n module bygewoon het, sal nie toegelaat word om aan die assessering aan die einde van die module deel te neem nie en sal ook nie vir 'n tweede geleentheid in aanmerking kom nie.
(c) 'n Minimum modulepunt van 40% word vereis vir toelating tot die assessering, en dit geld vir alle modules.

**Reg. M5.7 ASSESSERINGSSTELSEL**

**Reg. M5.7.1 Algemene regulasies met betrekking tot programme**

Daar word van alle studente in die Skool vir Geneeskunde vereis om aan die eerste assesseringsgeleentheid deel te neem.

### Reg. M5.7.2 Kwalifisering van ‘n student vir die tweede assesseringsgeleentheid

‘n Student wat die eerste geleentheid druip, kwalifiseer vir ‘n tweede assesseringsgeleentheid indien:

(a) 'n Student ‘n finale gesamentlike punt van minstens 45% met ‘n subminimum van minstens 30% tydens die eerste assesseringsgeleentheid behaal het.
(b) 'n Student ‘n finale gesamentlike punt van 50% of meer tydens die eerste assesseringsgeleentheid behaal het, maar nie die subminimum van 40% in die komponente van die spesifieke assessering behaal het nie.
(c) ‘n Student ‘n geldige mediese sertifikaat voorlê waarin gesertifiseer word dat die student nie aan die eerste assesseringsgeleentheid kon deelneem nie (spesiale vorm wat deur ‘n geneesheer voltooi moet word).
**Toeligting:** Hierdie mediese sertifikaat moet binne 48 uur na afwesigheid by die Hoof van die Skool vir Geneeskunde, kamer D204, ingedien word.
(d) Regulasie A15 (f) en (g) in die Jaarboek vir Institusionele Reëls vir verwerwing van die graad is van toepassing, mits die student:
   (i) Wel toelating tot die assesseringsgeleentheid gehad het (dit wil sê ‘n modulesyfer van minstens 40%).
   (ii) Minstens 30% in die ontbrekende module in die assesseringsgeleentheid behaal het.
(e) Behoudens die bepaling van Regulasies A8 (b) en A19 (a) in die Jaarboek vir Institusionele Reëls, word ‘n student met uitstaande modules toegelaat om met sy/haar studies voort te gaan.

### Reg. M5.8: SLAAG MET LOF

Sien Algemene Regulasie.

## Reg. M6 REGULASIES VIR DIE LEERONTWIKKELINGSPROGRAM

### Reg. M6.1 TOELATINGSVEREISTES

Slegs studente wat die eerste semester in die eerste studiejaar toegang tot die IMA-eksamen het en dit druip, sal tot die Leerontwikkelingsprogram (LOP) toegelaat word. Studente wat hul eerste semester druip, sal verplig wees om hulle vir die Leerontwikkelingsprogram (LOP) in te skryf.

**Toeligting**

Die volgende studente sal nie in die Leerontwikkelingsprogram toegelaat word nie:
(a) ’n Student wat reeds voor keuring die Universiteit se Loopbaanvoorbereidingsprogram deurloop het.
(b) Senior studente, m.a.w. ’n student wat reeds ’n graad behaal het of wat besig was met ’n graad voordat die student vir die M.B.Ch.B.- of Aanvullende Gesondheidsberoepeprogram gekeur is.

### Reg. M6.2 DUUR VAN PROGRAM

Die tydsduur van die Leerontwikkelingsprogram is ses (6) maande en word in die tweede semester aangebied.

### Reg. M6.3 DIE PROGRAM

Die Leerontwikkelingsprogram strek oor die hele tweede semester (6 maande) en al die vakke is verpligtend:

**DIAGRAMMATIESE VOORSTELLING VAN DIE STRUKTUUR VAN DIE PROGRAM**

| | | |
|---|---|---|
| Biofisika | BFS124 | **12K** |
| Geïntegreerde Anatomie en Fisiologie | BMN124 | **16K** |
| | BMN193 | **12K** |
| Wiskunde | WTW164 | **16K** |
| Rekenaarwetenskap & Informatika | BRS121 | **4K** |
| Taalvaardighede | AFT184 | **16K** |
| Lewensvaardighede | VBL194 | |

K = Krediete

### Reg. M6.4 KLASBYWONING

Bywoning van al die kontakperiodes in die Ontwikkelingsprogram is verpligtend. Studente wat minder as 80% van die kontakperiodes van 'n module bygewoon het, sal nie toegelaat word om aan die eksamen deel te neem nie, en sal beskou word asof hulle die module gedruip het en nie vir herassessering in aanmerking kom nie. In uitsonderlike gevalle mag die Hoof van die Skool toestemming vir afwesigheid verleen, op voorwaarde dat studente voor die tyd met die Hoof van die Skool reëlings vir afwesigheid moet tref.

**Reg. M6.5 MODULEPUNT**

(a) Benewens die bepalings van Reg. A14, geld die regulasies van die Skool vir Geneeskunde en Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe.
(b) Punte behaal vir skriftelike, mondelinge en/of praktiese werk wat tydens ‘n module afgeneem is, kan bydra tot die modulepunt. (Besonderhede van die samestelling van die modulepunt is in die afsonderlike modulehandleidings vervat.)

**Reg. M6.6 ASSESSERINGSREGULASIES**

Verwys na die assesseringsregulasies van die Skool vir Geneeskunde (Reg. M4) en Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe (Reg. AGB 1.5-1.13).

**Reg. M6.7 SLAAGVEREISTES**

(a) Om ‘n module te slaag moet ‘n finale gesamentlike punt van minstens 50% behaal word.
(b) ‘n Subminimum van 40% geld vir die eksamenpunt.
(c) ‘n Student moet ten minste vyf (5) modules slaag met ‘n minimum van 50% en dan ook een (1) module met ten minste ‘n assesseringspunt van meer as 40%.
(d) Indien daar meer as een (1) module is wat onder 50% is of indien daar ‘n module of meer is wat onder 40% is, sal die student die semester druip.

**Reg. M6.8 PROMOVERINGSTELSEL**

Geen promoveringstelsel op voorgraadse vlak bestaan in die Skool vir Geneeskunde en die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe vir hierdie program nie.

**Reg. M6.9 HERHALING**

Geen student mag die Leerontwikkelingsprogram herhaal nie. Indien ‘n student die Leerontwikkelingsprogram druip, sal die student nie toegelaat word om met M.B.Ch.B. of leerprogramme van die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe voort te gaan nie.

**Reg. M6.10 HERTOELATING**

**Reg. M6.10.1 HERTOELATING TOT DIE M.B.,CH.B.-PROGRAM, SEMESTER 1**

(a) Studente wat die Leerontwikkelingsprogram slaag, moet aan die einde van die jaar skriftelik aansoek doen vir hertoelating tot die M.B.,Ch.B.-program.
(b) Studente wat die Leerontwikkelingsprogram slaag en weer tot die M.B.,Ch.B.-program toegelaat word, moet al die modules van semester 1 herhaal (MEB153, MEC153, MED153, MEE153, MEF153, MEA153 en IMA113).
(c) Studente wat aanvanklik MEA153 geslaag het, moet weer al die kontaksessies en groepaktiwiteite bywoon. Die student hoef egter nie weer 'n portefeulje in te handig nie.

**Reg. M6.10.2 HERTOELATING TOT PROGRAMME IN DIE SKOOL VIR AANVULLENDE GESONDHEIDSBEROEPE**

(a) Studente wat die Leerontwikkelingsprogram slaag sal hertoegelaat word tot die spesifieke leerprogram in die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe waarvoor hy/sy geregistreer was. Studente sal al die modules van Semester 1 wat in die Fakulteit aangebied word, moet herhaal.

(b) Studente wat reeds AAV112/ACE112 geslaag het, kan by die Hoof van die Skool vir Aanvullende Gesondheidsberoepe aansoek doen om vrystelling van assessering in hierdie modules.

* * *

**PROGRAM VIR BACCALAUREUS IN MEDIESE KLINIESE PRAKTYK**

**408 Krediete**

**B.Med.Klin.Prak.** **Studiekode 8369**

## Reg. M 7 REGULASIES VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS IN MEDIESE KLINIESE PRAKTYK

Studente wat vir die graad aansoek doen is onderhewig aan 'n keuringsproses. Studente uit die Nasionale Departement van Gesondheid se keuringspoel sal voorgehou word vir keuring en moet voldoen aan beide die stipulasies van die Algemene Regulasies (Eerste Kwalifikasies) en die Regulasies van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe. Duidelike keurings- en toelatingskriteria sal deur die Universiteit gestel en toegepas word.

## Reg. M 7.1 TOELATINGSKRITERIA

**Studente mag vir die B.Med.Klin.Prak. registreer mits die volgende van toepassing is:**

**M-Telling:**

1 Slegs 'n student in besit van 'n Nasionale Senior Sertifikaat deur UMALUSI (of 'n ekwivalente kwalifikasie wat deur die Universiteit goedgekeur is) uitgereik, sal tot die program toegelaat word. 'n Toelatingspunt (TP-telling) van ten minste 28 word vereis.

2 'n Minimum gemiddelde, verpligte punt op prestasievlak 5 (60%) word vir Wiskunde vereis. Met betrekking tot die taal van onderrig van keuse (Afrikaans of Engels), word 'n minimum prestasiepunt op prestasievlak 5 (60%) vereis.

3 'n Minimum gemiddelde, verpligte punt op prestasievlak 5 (60%) word vir Lewenswetenskappe vereis. 'n Minimum gemiddelde punt op prestasievlak 5 (60%) word vir Fisiese Wetenskappe of 'n opsionele natuurwetenskaplike vak vereis.

**Toeligting**

Wiskunde en Lewenswetenskappe is verpligtend.

'n Minimum gemiddelde punt op prestasievlak 5 (60%) word vir natuurwetenskaplike vakke vereis en sal op die basis van Wiskunde, Lewenswetenskappe en 'n opsionele natuurwetenskaplike vak bereken word. Met ander woorde: 'n minimum gemiddelde, verpligte punt op prestasievlak 5 (60%) vir Wiskunde plus Lewenswetenskappe of 'n minimum gemiddelde, verpligte punt op prestasievlak 5 (60%) vir Wiskunde plus Lewenswetenskappe en 'n opsionele natuurwetenskaplike vak.

**APS-Telling:**

1. Slegs 'n student in besit van 'n Nasionale Senior Sertifikaat deur UMALUSI (of 'n ekwivalente kwalifikasie wat deur die Universiteit goedgekeur is) uitgereik, sal tot die program toegelaat word. 'n Toelatingspunt (TP-telling) van ten minste 28 word vereis.
2. 'n Minimum gemiddelde, verpligte punt op prestasievlak 5 (60%) word vir Wiskunde vereis. Met betrekking tot die taal van onderrig van keuse (Afrikaans of Engels), word 'n minimum prestasiepunt op prestasievlak 5 (60%) vereis.
3. 'n Minimum gemiddelde, verpligte punt op prestasievlak 5 (60%) word vir Lewenswetenskappe vereis. 'n Minimum gemiddelde punt op prestasievlak 5 (60%) word vir Fisiese Wetenskappe of 'n opsionele natuurwetenskaplike vak vereis.

**Toeligting**
Wiskunde en Lewenswetenskappe is verpligtend.
'n Minimum gemiddelde punt op prestasievlak 5 (60%) word vir natuurwetenskaplike vakke vereis en sal op die basis van Wiskunde en Lewenswetenskappe of Wiskunde, Lewenswetenskappe en Fisiese Wetenskappe bereken word. Met ander woorde 'n minimum gemiddelde, verpligte punt op prestasievlak 5 (60%) vir Wiskunde plus Lewenswetenskappe of 'n minimum gemiddelde, verpligte punt op prestasievlak 5 (60%) vir Wiskunde plus Lewenswetenskappe en Fisiese Wetenskappe.

**Reg. M 7.2 DUUR VAN DIE PROGRAM**

Die duur van opleiding strek oor drie jaar.

**Toeligting**
'n Student wat by die Gesonheidsberoeperaad van Suid-Afrika as 'n Kliniese Praktisyn wil registreer, moet in besit wees van 'n B.Med.Klin.Prak.-graad. Geen internskap is tans van toepassing nie.

**Reg. M 7.3 ONDERVINDING**

Voordat die B.Med.Klin.Prak.-graad aan 'n student toegeken word, moet hy/sy die Universiteit oortuig dat hy/sy:

(a) Voldoende teoretiese, praktiese en kliniese opleiding ontvang het.
(b) Vir die volle voorgeskrewe tydperk aan die Univeristeit geregistreer was.
(c) Die Universiteit van die Vrystaat se assesserings suksesvol voltooi het – skriftelik, mondeling, logboeke, portefeuljes en/of kliniese assesserings – soos voorgeskryf.
(d) Vanaf die eerste jaar van studie vir al die studiejare by die GBRSA geregistreer was.

**Reg. M 7.4 ERKENNING VAN VOORAFLEER**

Jaarboek vir Algemene Regulasies (Eerste Kwalifikasies) is van toepassing.

Vrystelling tot 'n maksimum van 12 maande mag in spesiale merietegevalle toegestaan word.

**Toeligting**
Spesiale meriete kan, byvoorbeeld, verwys na:
(i) Suksesvolle aflegging van Fase II se finale assessering van M.B.Ch.B. aan die UV.
(ii) Suksesvolle voltooiing van intreevlakeksamen om vlak van vaardigheid en kennis te bepaal.

**Reg. M 7.5 KURRIKULUM (TOTALE KREDIETE 408)**

Die kurrikulum bevat verpligte en elektiewe (keuse-) modules. Alle modules in studiejaar een en studiejaar twee in verpligtend. Twee elektiewe modules moet saam met die verpligte modules in studiejaar drie gekies word.

**Jaar 1:** *(Voorgestelde modulekodes)*

| **Module/Kursusnaam** | **Fundamenteel** | **Krediete** | **Kern** | **Krediete** |
|---|---|---|---|---|
| GSI 102 – Generiese vaardighede | Ja | **8** | Nee | |
| BCP 102 – Mensbiologie | Ja | **8** | Nee | |
| CAR 104 - Kardiovaskulêr 1 | Nee | | Ja | **16** |
| RES 104 – Respiratories 1 | Nee | | Ja | **16** |
| GAI 104 – Gastro-intestinaal 1 | Nee | | Ja | **16** |
| GEU 104 – Genito-urinêr 1 | Nee | | Ja | **16** |
| CNS 104 – Sentrale senuweestelsel 1 | Nee | | Ja | **16** |
| MSK 104 – Muskulo-skeletaal 1 | Nee | | Ja | **16** |
| ESR 104 – Endokrien, vel en RES 1 | Nee | | Ja | **16** |

**Jaar 2:** *(Voorgestelde modulekodes)*

| **Module/Kursusnaam** | **Fundamenteel** | **Krediete** | **Kern** | **Krediete** |
|---|---|---|---|---|
| SSI 202 – Spesiale vaardighede | Nee | | Ja | **8** |
| BCP 202 – Mensbiologie 2 | Ja | **8** | Nee | |
| CAR 204 – Kardiovaskulêr 2 | Nee | | Ja | **16** |
| RES 204 – Respiratories 2 | Nee | | Ja | **16** |
| GAI 204 – Gastro-intestinaal 2 | Nee | | Ja | **16** |
| GEU 204 – Genito-urinêr 2 | Nee | | Ja | **16** |
| CNS 204 – Sentrale senuweestelsel 2 | Nee | | Ja | **16** |
| MSK 204 – Muskulo-skeletaal 2 | Nee | | Ja | **16** |
| ESR 204 – Endokrien, vel en RES 2 | Nee | | Ja | **16** |

**Jaar 3:** *(Voorgestelde modulekodes)*

| **Module/Kursusnaam** | **Fundamenteel** | **Krediete** | **Kern** | **Krediete** |
|---|---|---|---|---|
| ASI 302 – Gevorderde spesiale vaardighede | Nee | | Ja | **8** |
| BCP 302 – Mensbiologie 3 | Ja | **8** | Nee | |
| WOH 304 – Vrouegesondheid | Nee | | Ja | **16** |
| CHH 304 – Kindergesondheid | Nee | | Ja | **16** |
| AET 304 – Ongeluk en noodgevalle + Trauma | Nee | | Ja | **16** |
| INF 304 – Infektiewe siektes | Nee | | Ja | **16** |
| ANS 304 – Anestetika | Nee | | Ja | **16** |
| DIS 302 – Reseptering | Nee | | Ja | **8** |
| MEH 302 – Geestesgesondheid | Nee | | Ja | **8** |
| HCS 302 – Gesondheidsorgsisteme | Nee | | Ja | **8** |

**Kies twee elektiewe modules uit die lys hieronder bykomend tot die verpligte modules van studiejaar 3:** *(Voorgestelde modulekodes)*

| **Module/Kursusnaam** | **Elektief** | **Krediete** |
|---|---|---|
| ORT 304 – Ortopedie | Ja | **16** |
| AAE 304 – Ongeluk en noodgevalle | Ja | **16** |
| CFO 304 – Kliniese forensies | Ja | **16** |
| TPF 304 – Terminasie van swangerskap en gesinsbeplanning | Ja | **16** |
| TRN 304 – Tropiese gesondheid | Ja | **16** |

Totale Krediete 408.

**Reg. M 7.6 BEVORDERING NA DIE VOLGENDE JAAR VAN STUDIE**

Jaarboek vir Algemene Regulasies (Eerste Kwalifikasies) is van toepassing. Geen student kan met die volgende studiejaar voortgaan indien die vorige jaar nie volledig voltooi en bevredigend geslaag is nie.

**Reg. M 7.7 ASSESSERING**

**Reg. M 7.7.1 Tydraamwerk**

Einde van tweede semester - Studiejaar 1
Einde van vierde semester - Studiejaar 2
Einde van sesde semester - Studiejaar 3

**Die assesseringsregulasies van die Universiteit, aangepas waar nodig, is van toepassing op die B.Med.Klin.Prak.-program.**

**Reg. M7.7.2 Toelating tot assesseringsgeleentheid**

(a) Bywoning van alle kontaksessies in al die modules is verpligtend.
(b) Studente wat minder as 80% van die kontaksessies van 'n module bygewoon het, sal nie toegelaat word om aan die finale assessering aan die einde van die module deel te neem nie en sal nie vir 'n tweede geleentheid in aanmerking kom nie.
(c) 'n Minimum modulepunt van 40% word vereis vir toelating tot die finale assessering, en dit is op alle modules van toepassing.

**Reg. M 7.7.3 Assesseringsisteem**

**Reg. M 7.7.3.1 Algemene regulasies met betrekking tot program**

Dit word van alle studente vereis om aan die eerste assesseringsgeleentheid van elke module deel te neem.

**Reg. M 7.7.3.2 Kwalifikasie van 'n student vir die tweede assesseringsgeleentheid**

'n Student wat die eerste geleentheid druip, mag vir 'n tweede geleentheid kwalifiseer indien:

(a) ‘n Student 'n finale gekombineerde punt van ten minste 45% met 'n subminimum van ten minste 30% gedurende die eerste geleentheid behaal het.
(b) 'n Student 'n finale gekombineerde punt van 50% of meer gedurende die eerste assesseringsgeleentheid behaal het, maar nie die subminimum van 40% in die komponente van die spesifieke assessering nie.
(c) 'n Student 'n geldige mediese sertifikaat voorlê wat goedgekeur is, wat sertifiseer dat die student ongeskik was om aan die eerste assesseringsgeleentheid deel te neem ('n spesiale vorm moet deur 'n mediese praktisyn voltooi word).

**Toeligting**

Hierdie mediese sertifikaat moet binne 48 uur ná die afwesigheid weens siekte by die Hoof van die Skool vir Geneeskunde, D204, ingedien word.

(d) Die regulasies in die Jaarboek vir Institusionele Reëls vir die verwerwing van die graad is van toepassing , met voorbehoud dat die student:

(i) Toelating tot die assesseringsgeleentheid gehad het (i.e. het ‘n modulepunt van ten minste 40% gehad).
(ii) Ten minste 30% in die uitstaande module gedurende die assesseringsgeleentheid behaal het.

(e) Met uitsondering van die stipulasies van die Regulasie in die Jaarboek vir Institusionele Reëls, sal 'n student met uitstaande modules nie toegelaat word om met sy/haar studies voort te gaan nie.

**Reg. M 7.8 SLAAGPUNT EN ONDERSKEIDING**

(a) 'n Minimum van 50% word vir elke module vereis om die finale assessering in elke module te slaag.
(b) Die graad word met onderskeiding toegeken indien 'n student 'n aggregaat van gemiddeld 75% vir al die modules oor die drie jaar van studie behaal het.

**Reg. M 7.9 EKSAMENUITSLAE**

'n Student mag 'n eksamenvraestel met die dosent en die departementshoof bespreek binne vyf (5) eksamendae nadat die uitslae op 'n spesifieke kennisgewingbord in die Fakulteit bekendgemaak is, met 'n reg op onmiddellike appèl aan die Dekaan/Hoof van die Skool met kennisgewing aan die departementshoof. (EM 31/07/2006).

Die student word versoek om 'n afspraak met die dosent/moduleleier te maak.

Die dosent/moduleleier/departementshoof kontroleer die eksamenskrif vir foute en verifieer of die punte korrek opgetel is en of al die vrae nagesien is. (Geen gesoek na punte sal geduld word nie.)

Sou 'n verandering aan die punt vereis word op grond van 'n optelfout of 'n vraag wat met die nasienproses oorgeslaan is, moet skriftelike besonderhede aan die Assistent-Direkteur: Fakulteitsadministrasie en die Hoof van die Skool vir Geneeskunde voorgelê word.

Aanpassing van die punt, indien dit tot die student se voordeel strek, mag dan in konsultasie met die Hoof van die Skool en die Dekaan in werking gestel word.

Indien die student steeds nie tevrede is met die uitslag van die hersiening van die eksamenskrif nie, het die student die reg tot onmiddellike appèl tot die Dekaan via die departementshoof vir 'n hermerk van die eksamenskrif. 'n Skriftelike versoek in hierdie verband moet dienooreenkomstig binne dieselfde vyf (5) eksamendae by die Assistent-Direkteur: Fakulteitsadministrasie ingedien word. Indien die Hoof van die Skool vir Geneeskunde/Dekaan dit goedkeur, sal die departementshoof versoek word om die eksamenskrif in geheel weer na te sien.

Die uitslag van die hermerk word aan die Assitent-Direkteur: Fakulteitsadministrasie deurgegee vir voorlegging aan die Dekaan/Hoof van die Skool vir Geneeskunde. Indien die uitslag van die hermerk tot die student se voordeel strek, sal die hersiene punt aan die student toegeken word, andersins sal die oorspronklike punt behou word.

Indien, nadat die prosedure gevolg is, die student steeds ontevrede is met die uitslag, het die student die reg tot onmiddellike appèl tot die Akademiese Appèlkomitee van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe. 'n Skriftelike versoek in hierdie verband moet aan die Assistent-Direkteur: Fakulteitsadministrasie voorgelê word ten minste vyf (5) eksamendae nadat die uitslag van die hermerk bekendgemaak is.

Daar mag koste verbonde wees aan die hermerk.